# MATIELAND



# STUDENTELEWE

*'n Transformerende ervaring*

Jaargang 62 | DESEMBER 2019

SAAM VORENTOE | MASIYE PHAMBILI | FORWARD TOGETHER

2019

www.usb-ed.com

USB Executive Development
University of Stellenbosch Business School

S100 1918·2018

Internationally benchmarked Executive Development solutions for companies or individuals. Certified by Stellenbosch University.




University of Stellenbosch Business School
holds the Triple Crown accreditation, part of only 1% of 8 000 business schools worldwide to do so.

Association of African Business Schools AABS | ASSOCIATION OF MBAS ACCREDITED | EFMD EQUIS ACCREDITED | AACSB ACCREDITED

**Western Cape, South Africa**
t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

**Gauteng, South Africa**
t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

**KwaZulu-Natal, South Africa**
t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

**Africa**
t: +27 (0)11 460 6980
e: africa@usb-ed.com

www.twitter.com/USB_ED | www.facebook.com/USBED | USB Executive Development | www.youtube.com/USBExecED

# MATIE LAND

gepubliseer sedert 1957 | published since 1957

S 100 1918 · 2018

## TEKEN IN OP MATIELAND

*Matieland*, 'n nuustydskrif van die Universiteit Stellenbosch, word gratis aan alumni en ander belanghebbers gestuur wat daarop inteken. Dit is beskikbaar in Afrikaans én Engels, en intekenaars kan kies tussen 'n gedrukte en 'n digitale weergawe. *Matieland* is ook aanlyn beskikbaar by www.sun.ac.za/matieland.

### Maak só om in te teken

1. GAAN NA www.sun.ac.za/matieland en klik op "teken in".
2. SKAKEL ons by +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-POS ons by alumni@sun.ac.za of matieland@sun.ac.za.

## WEET JY VAN DIE ALUMNI-HUBS?

Die Stellenbosch Alumnibetrekkinge-span stel plaaslike en internasionale alumni-nawe (oftewel *hubs*) saam om die skakeling tussen alumni onderling te verbeter deur gereelde netwerk- en sosiale geleenthede aan te bied. Vir meer inligting oor hoe om 'n *hub* in jou gebied te stig of by een van ons gevestigde *hubs* aan te sluit, stuur 'n e-pos na alumni@sun.ac.za.

## SUBSCRIBE TO MATIELAND

*Matieland*, a news magazine of Stellenbosch University, is available free of charge to alumni and other stakeholders who subscribe to the magazine. It is available in English and Afrikaans, and subscribers may choose between a printed and a digital version. *Matieland* is also available online at www.sun.ac.za/matieland.

### How to subscribe

1. GO TO www.sun.ac.za/matieland and click on "subscribe".
2. PHONE us on +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-MAIL us at alumni@sun.ac.za or matieland@sun.ac.za.

## DO YOU KNOW ABOUT THE ALUMNI HUBS?

The Stellenbosch Alumni Relations team establish alumni hubs both locally and internationally to connect alumni in specific regions with one another through regular networking and social events. For more information on how to start or join an existing hub in your area, send an e-mail to alumni@sun.ac.za.

## VIND ONS HIER / FIND US HERE

www.facebook.com/stellenboschalumni ***of/or*** www.facebook.com/stellenboschuniversity

www.youtube.com/stellenboschuni

@SU_Alumni ***of/or*** @stellenboschuni

# INHOUD



4

## UIT MATIELAND


**4** REDAKTEURSBRIEF

**5** MATIES KWETTER EN KLETS

**6** UIT DIE REKTOR SE KANTOOR


9

## JOU UNIVERSITEIT


**10** NUUSBROKKIES

**14** STUDENTE HELP GEVANGENES LEER

**18** PRET MET SPELLEER IN DIE LESINGSAAL!

**22** NAVORSINGSPROJEKTE MET IMPAK

**26** STORIES VERTEL VERLIG TRAUMA VAN DIE VERLEDE

**30** DIE WAARDE VAN SKOON WATER

**34** BASIL VAN WYK VIER 50 JAAR OP KAMPUS







39

**ONS ALUMNI**

**40** ZIYANDA STUURMAN
**42** HELMUT MEIJER
**44** NICKY NEWTON-KING
**46** SUTA KAVARI
**48** ZOË BROWN







51

**KAMPUSLEWE**

**52** FOTOSTORIE: STUDENTE OP DIE VERHOOG
**62** ANRUNÉ WEYERS SE WÊRELDREKORD-SEGES
**66** BOEKE OM TE LEES

69

**RAAK BETROKKE**

**70** BEURSE LAAT DROME WAAR WORD
**73** HOE OM TE GEE
**74** KOM KUIER OPPIE BOS VIR TUISKOMS 2020
**78** CARRYN-ANN NEL LEER LESSE IN DIE LESINGSAAL
**80** IN MEMORIAM



# VAN DIE REDAKTEUR

Vir die meeste mense is hul studentejare een van die gelukkigste tye van hul lewe. Jy is jonk en onafhanklik, maar moet nogtans belangrike lewenskeuses maak wat die res van jou lewe sal raak. Dis juis waarom die Universiteit Stellenbosch (US) aan ál sy studente 'n transformerende kampuservaring wil bied. Vir ons is dit belangrik dat alle Maties 'n verrykende ervaring moet hê wat van hulle volronde landsburgers maak.

Daar is allerlei maniere waarop die US wil seker maak dat sy studente daardie transformerende ervaring kry, en een daarvan is om netwerke en vennootskappe met ander universiteite, navorsingsinstellings en die gemeenskappe rondom ons te bou.

In hierdie uitgawe van *Matieland* kan jy lees hoe ons aan studente 'n verskeidenheid ervarings bied wat deur talle US-netwerke moontlik gemaak word. So, lees meer oor studente wat gevangenes in die Brandvlei-gevangenis help om 'n kwalifikasie te behaal en hoe spel-elemente studente se leerproses vergemaklik. En boonop kan jy in 'n fotoreeks beleef hoe ons dramastudente hul kreatiwiteit op die verhoog uitleef. Lekker lees!

Wayne

MATIELAND

**REDAKTEUR**
WAYNE MULLER

**FOTOREDAKTEUR**
STEFAN ELS

**MEDEWERKERS**
***Ontwerp***
Roann Louw
***Uitleg***
AFRICAN SUN MeDIA
www.africansunmedia.co.za
***Medewerkers***
Ilse Arendse, Alec Basson, Herschelle Benjamin, Wim de Villiers, Elbie Els, Wiida Fourie-Basson, Sonika Lamprecht, Frieda le Roux, Botswele Mogotlane, Pia Nänny, Carryn-Ann Nel, Henk Oets, Birgit Ottermann, Mark Paterson, Lynne Rippenaar-Moses, Desmond Thompson, René-Jean van der Berg
***Vertalers en teksredakteurs***
Hanlie Gouws, Elsabé Barlow

**REDAKSIONELE KANTOOR**
Korporatiewe Kommunikasie
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak XI
Matieland 7602
Tel: +27 (0)21 808 2927
E-pos: matieland@sun.ac.za

**SIRKULASIE**
Jill Moses, Junita Segers
Tel: +27 (0)21 808 2709/10
Faks: +27 (0)21 808 4122
E-pos: alumni@sun.ac.za

**DRUKWERK**
AFRICAN SUN MeDIA

Menings wat in *Matieland* uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018

# KWETTER EN KLETS

*Ons spog nie net op sosiale media oor hoe uitstekend die Universiteit Stellenbosch is nie; dit bied ook ons alumni die kans om terugvoer oor ons werk te gee. Laat jou stem hoor op Facebook, Twitter en Instagram.*




**Regter Edwin Cameron is aangestel as nuwe US-kanselier**

*Op LinkedIn*
**Collers Makhuvele**
Baie geluk, Regter, met jou aanstelling om ŉ broodnodige transformasie-agenda na te streef wat menselewens deur onderrig, menslike ontwikkeling en navorsingspogings sal verbeter.

*Op Facebook*
**Marquard Simpson**
ŉ Briljante en wyse keuse. Iemand van enorme statuur. Sal groot waarde tot ŉ toekomstige US voeg. Hartlik geluk.

*Op Twitter*
**Goodrich & Hardcastle**
Die US is bevoorreg om so ŉ voortreflike alumnus tot sy beskikking te hê om as Kanselier te dien, en hy sal sonder twyfel in hierdie posisie nog groter luister aan sy alma mater verleen as wat sy loopbaan van ongeëwenaarde sukses reeds vir die Universiteit se regsfakulteit en SR beteken het.



**US se visuele-regstellingsprojekte**

*Op LinkedIn*
**Ditebogo Mashigo**
Wow, dit het my siening van die US heeltemal verander. Baie dankie, jul pogings is baie betekenisvol.

*Op LinkedIn*
**Loki Taljaard**
Beslis ŉ interessante projek. Ek sien uit daarna om te sien hoe hierdie sensitiewe kwessie hanteer word. Ek hou baie van die idee dat die visuele landskap verfris word, wat ongelooflik is. Ek hou wel minder van die idee dat die skerp jong breine van vandag geleer word dat geskiedkundige bakens en die geskiedenis waarvoor hulle staan – ongeag hoe (of dalk juis oor hoe) onsmaaklik dit is – geïgnoreer, of nog erger, weggegooi of vernietig moet word. ŉ Meer sinvolle benadering sal dalk wees om hierdie betekenisvolle aanstootlike artikels na museums te verskuif of om hulle op te veil om geld vir die universiteit in te samel (twee vlieë met een klap). Soos die afgesaagde uitdrukking lui: "Diegene wat nie uit die geskiedenis leer nie, is gedoem om dit te herhaal." Ons kan nie ons verlede kies nie, maar ons kan kies om daaruit te leer en te groei om beter mense te wees.

*Op Facebook*
**Raymond van Diemel**
SA se plekke en ruimtes van onderrig moet hierdie grootmoedige program as voorbeeld gebruik. Viva US, Viva!



*In September is PROF. WIM DE VILLIERS vir 'n tweede termyn as die Universiteit Stellenbosch se rektor aangestel. Hy deel sy visie vir die volgende vyf jaar.*

Een van die lekkerste aspekte van my werk is om met ons oudstudente te skakel. Waar ek ook al kom – wêreldwyd – is dit 'n plesier om alumni-byeenkomste te hou. Ek is altyd baie beïndruk met Maties se prestasies en hul passie vir hul alma mater.

Dít geld nie net ons alumni in Suid-Afrika, Europa en Amerika nie. Van ons beste ambassadeurs tref ek dikwels elders in Afrika en in Asië aan – indrukwekkende jongmense wat die kennis, vaardighede en waardes wat hulle aan die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf het, gebruik om 'n positiewe bydrae tot die mensdom te lewer.

Omtrent 14% van die US se studente is deesdae internasionale studente – dubbel die gemiddeld van ander universiteite in Suid-Afrika. Meer as 4 000 van ons 32 000 studente kom van meer as 100 lande, en ons het bande met byna 300 ander universiteite op ses vastelande.

Hierdie vlak van internasionalisering is deel van ons suksesresep. Studente en personeellede van elders bring perspektiewe met hulle saam wat ons universiteitslewe verryk. En ons samewerking met internasionale vennote versterk ons impak as instelling. Die wêreld is vinnig aan die verander, en die US moet nie net byhou nie, maar die pas probeer aangee.

**TWEEDE TERMYN**

Die veranderende aard van ons universiteit bring my by transformasie uit, wat dikwels met demografie gelykgestel word. Die samestelling van die US se studenteliggaam en personeelkorps is wel aan die verander, maar ek dink 'n meer sinvolle maatstaf vir 'n universiteit is om te vra of jy jou studente en personeellede – asook alumni – toerus om die uitdagings van ons tydvak te hanteer.

Die US is 'n sterk, kerngesonde instelling. Dit was dus vir my 'n groot eer toe die Raad my in September vir 'n tweede vyfjaar-termyn as rektor en visekanselier aangestel het, van 1 April

# UIT DIE REKTOR SE KANTOOR

2020 tot 31 Maart 2025. My eerste termyn was verbasend aangenaam. Dit klink seker snaaks dat ek dit só stel; laat ek dus verduidelik.

Toe ek aanvanklik aangestel is, het mense my soms so ŉ kykie van simpatie gegee wanneer hulle my gelukwens. Hulle sou vra of ek besef waarvoor ek my inlaat, want dit is nie maklik om ŉ US-rektor te wees nie. Hoewel ek van nature ŉ optimis is – iemand wat die glas halfvol eerder as halfleeg sien – het dit my maar effens bekommerd gelaat. As ek nou terugkyk, was daar beslis groot uitdagings – soos ten tye van die Luister-video, Open Stellenbosch en #FeesMustFall in 2015 en 2016 – maar ons het sterker anderkant uitgekom.

**VORDERING**

Die stryd rondom die US se taalbeleid was ook uitdagend, maar dit is nou hopelik bygelê. Die Konstitusionele Hof het in Oktober eenparig bevind ons taalbeleid is grondwetlik geregverdig. Die hof het ook bevind ons taalbeleid is nie daarop uit om Afrikaans "op enige manier te elimineer" nie. Engels en Afrikaans word albei as onderrigtale aan die US gebruik – Engels sodat niemand uitgesluit word nie, en Afrikaans omdat daar steeds ŉ vraag na onderrig in Afrikaans is.

Ondanks ons uitdagings, maak ons goeie vordering. By alumni-byeenkomste noem ek dikwels dat Maties nou ŉ veel beter universiteit is as toe ek in die 1970's en 1980's hier gestudeer het. Die US se studentesukseskoers is deesdae konstant bo 86%, ons navorsingsuitsette is van die hoogste in die land, en ons tel nou onder die voorste 1% van universiteite op wêreldranglyste.

My dank aan my medebestuurslede wat gehelp het om ons hier uit te bring, en ons personeellede en studente verdien krediet vir hul harde werk en toewyding. Ek is ook baie dankbaar teenoor ons alumni, befondsers en skenkers vir hul getroue ondersteuning.

Bestuurslede – insluitende rektore – kom en gaan. Personeellede en studente ook. Maar universiteite is instellings vir die eeue. Die vraag is of ons ons alma mater sterker en beter maak in die tyd wat ons daaraan verbonde is.

My visie vir my tweede termyn strook met die Universiteit se *Visie 2040*, naamlik om die US Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te maak wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar kennis tot diens van die samelewing bevorder word.

My prioriteitslys vir my tweede termyn sluit in om die US se statuur as navorsingsintensiewe instelling uit te bou. Ek dink ook ons moet toenemend digitaal te werk gaan, nie net met ons administratiewe stelsels nie, maar ook ten opsigte van onderrig en leer.

**TEGNOLOGIE**

Die arbeidswêreld gaan in die nabye toekoms drasties anders lyk as wat tans die geval is weens die impak van rekenaartegnologie en kunsmatige intelligensie. Ons moet ons studente daarvoor toerus en die samelewing help voorberei op dít wat kom.

Voortgesette kampusvernuwing is ook vir my belangrik. Ons moet die US se geriewe opknap en uitbrei om aan veranderende behoeftes te voldoen. En oorhoofs plaas ek ook klem op die finansiële volhoubaarheid van die US. Geldelike steun aan studente is wel uitgebrei, maar die staatskas is onder groot druk, wat beteken ons moet ons vermoë om ons eie inkomste te genereer uitbou.

Van al my prioriteite is die belangrikste egter die US se mense. Sonder ons studente en personeellede is daar nie ŉ universiteit nie. Daarom sal ek voortgaan om my vir hul sukses en ontwikkeling te beywer. Alumni is ewe belangrik, daarom betrek ons hulle graag by die vennootskappe en netwerke wat ons bou.

Groot uitdagings lê vir ons voor, maar ook wonderlike geleenthede. Dit is vir my ŉ voorreg om die US op ons nuwe reis die toekoms in te lei.





# Kortkursusse by Universiteit Stellenbosch

## Kursusaanbiedings

Ons bied kortkursusse in verskeie studierigtings aan:
• Agriwetenskappe • Lettere & Sosiale Wetenskappe • Opvoedkunde • Ingenieurswese • Uitvoerende Ontwikkeling • Gesondheidwetenskappe • Taal & Kommunikasie vaardighede • Regsgeleerdheid • Leierskap & Bestuurswese • Natuurwetenskappe • Teologiese Studies • Sportwetenskappe • Hernubare & Volhoubare Ontwikkeling

Vir verdere inligting ten opsigte van kursusaanbiedings, kursusinhoud, datums en duurte van aanbiedings en die aansoekproses besoek asseblief **www.kortkursusse.sun.ac.za**

## Vir meer inligting:

Afdeling Kortkursusse
Universiteit Stellenbosch
De Beerstraat 15
Stellenbosch 7600

Tel: 021 808 9068
Epos: shortcourse@sun.ac.za
Web: www.kortkursusse.sun.ac.za

S100 1918 · 2018

INNOVUS

# JOU
# **UNIVERSITEIT**

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KRY NUWE SKOOL VIR DATAWETENSKAP EN REKENAARDENKE

Die Universiteit Stellenbosch (US) se nuwe Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, wat in Julie bekend gestel is, is daarop gemik om 'n instelling van wêreldgehalte vir datawetenskap en rekenaardenke in en vir Afrika te wees

Dit sal reg oor al tien van die US se fakulteite werk wees met multi-, inter- en transdissiplinêre samewerking.

Daarby sal dit ook die hele akademiese projek dek – van voor- en nagraadse opleiding tot navorsing en spesialiskonsultasiewerk.

Prof. Wim de Villiers, US-rektor, het by die bekenstelling die skool as 'n spelwissellaar in die hoër onderwys hier in Suid-Afrika en ook verder beskryf.

"Die US is deur middel van hierdie nuwe skool gereed om Suid-Afrika se mededingendheid in die Vierde Industriële Revolusie te versterk. Die skool verskaf 'n enkele platform om kennis samewerkend op 'n interdissiplinêre manier in diens van die samelewing te bevorder."

Die skool se waarnemende direkteur, dr. Wim Delva, meen die entiteit sal mense op regeringsvlak, in die sakesektor en van organisasies sonder winsbejag bymekaar bring in hul pogings om groot data te gebruik om die uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, te pak.

Afgesien van aanlyn-kursusse, sal die skool ook 'n padkaart aan voornemende studente verskaf oor wat hulle alles op die gebied van datawetenskap kan studeer, meen Delva.

Hy het die verskeie rolspelers uit die samelewing genooi om vennootskappe met die skool te sluit, en gesê rolspelers moet saamwerk om groot data tot voordeel van alle Suid-Afrikaners aan te wend.

# MODERNE EETSAAL VIR GOLDFIELDS-KOSHUIS

**Inwoners van die Goldfields-koshuis het 'n nuwe, moderne halaal-vriendelike eetsaal (foto regs), met die naam Sada Ohms, 'n Khoi-San woord wat "ons huis" beteken. Dit sal meer as 350 mense kan huisves.**

**Die inwonende hoof van Goldfields, Renee Hector-Kannemeyer, sê dié naam is betekenisvol aangesien Goldfields die Universiteit Stellenbosch se eerste koshuis vir bruin en swart studente was. "Ons het aanbeweeg, aangesien die koshuis oor die jare meer divers geword met 'n demografie van 60% bruin en swart studente daar."**

**Sy meen die naam van die eetsaal moes ooreenstem met hul visie vir Goldfields – om 'n verwelkomende, ondersteunende en innoverende gemeenskap te wees. "Sada Ohms is nog 'n manier om studente te laat voel dat hulle saak maak en behoort; dit getuig ook van waarheen ons op pad is as 'n koshuis ten opsigte van transformasie," sê sy.**



# MATIE SE EETBARE STROOITJIES HELP OMGEWING

Haar passie vir omgewingsvolhoubaarheid het 'n tweedejaar Chemiese Ingenieurswese-student van die Universiteit Stellenbosch 'n groot kontantprys in die sak gebring.

'n Inskrywing op Facebook oor 'n seeskilpad met 'n plastiekstrooitjie in sy neus het die 19-jarige Leila Siljeur (foto regs) so diep geraak dat sy genoop gevoel het om iets te doen om plastiekbesoedeling te help bekamp. Sy het besluit om eetbare en omgewingsvriendelike strooitjies onder haar eie handelsmerk te ontwerp.

Met hierdie blink uitvindsel het sy R50 000 in die onlangse Allan Gray Orbis Stigting Nasionale Jamboree losgeslaan.

Die geregistreerde handelsnaam van Leila se strooitjies is Eat Me Straws en bestaan uit drie reekse: gewoon, gesond en streng vegetaries (vegan). Die voordeel van hierdie strooitjies is dat hulle nie pap word wanneer jy dit in 'n vloeistof sit nie.

Leila glo dit is 'n verbetering op die eetbare strooitjies wat reeds op die mark is.

"Hoewel maatskappye bioafbreekbare strooitjies vervaardig, beland baie daarvan nog steeds in die see," sê sy.



# US BESTE MET FONDSWERWING, SÊ OPNAME

Die Universiteit Stellenbosch het die hoogste vlak van skenker- en toekenningsinkomste behaal van ál 11 hoëronderwysinstellings wat in 2018 aan 'n opname oor hoëronderwysfilantropie, ASPIHE, deelgeneem het.

Volgens die jongste opnameresultate het die Universiteit in 2017 bykans R94 miljoen meer as in 2016 ingesamel. Dit het ongeveer R100 miljoen meer as die instelling in die tweede plek ontvang, was die toppresteerder in die finansieringstrome vir individuele, erflating- en goedereskenkings, en het meer organisatoriese skenkers as enige ander deelnemende instelling gehad.

ASPIHE bied jaarliks vergelykende data oor die stand van filantropiese steun vir universiteite in Suid-Afrika. Elf van Suid-Afrika se 26 universiteite het in 2018 op 'n naamlose grondslag deelgeneem, hoewel elke deelnemende instelling 'n vertroulike verslag oor hulle prestasie ontvang het.

Die opname fokus op die optekening en ontleding van die filantropiese en toekenningsinkomste van Suid-Afrikaanse universiteite.

Die opname ondersoek ook die direkte koste verbonde aan die werwing van hierdie tipe inkomste, waaronder personeelkoste en die bedryfsbesteding van die instellings se afdelings vir fondswerwing en alumnibetrekkinge.



## PERSONEEL PRESTEER

Twee chemici van die Universiteit Stellenbosch (US), **PROFF. PETER MALLON EN WILLEM VAN OTTERLO** (foto bo), is onderskeidelik as president en visepresident van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (SACI) verkies. Peter, 'n polimeerwetenskaplike, is ook die uitvoerende hoof van die US se Departement Chemie en Polimeerwetenskap, en Willem is 'n organiese chemikus.

'n Dosent van die US se Bestuurskool, **DR. NTHABISENG MOLEKO**, is die eerste vrou in Suid-Afrika om 'n PhD in Ontwikkelingsfinansies te ontvang. Die titel van haar tesis is *Pension fund reform towards development of national economy: A South African Case Study*.

Oor die afgelope dekade het die studie van gestremdheid as 'n akademiese dissipline in Afrika, veral Suid-Afrika, geweldig uitgebrei, onder meer weens die toewyding van **PROF. LESLIE SWARTZ**, 'n uitgelese professor in Sielkunde aan die US. Hiervoor is hy deur die Akademie vir Wetenskap in Suid-Afrika (ASSAf) erken vir sy toewyding tot die ontwikkeling van gestremdheidstudies. Die gesogte Science-for-Society goue medalje vir 2019 is aan hom toegeken.

**PROF. GRANT THERON** van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika het die Gertrud Meissner-toekenning ontvang van die Europese Vereniging vir Mikobakteriologie. Die toekenning word jaarliks gemaak aan wetenskaplikes wat uitstekende navorsing doen in die veld van mikobakteriologie in die vroeë fase van hul loopbane.

**PROF. TANIA AJAM**, hoogleraar in Openbare Beleid, Ekonomie en Finansies by die Skool vir Publieke Leierskap, is een van die lede van pres. Cyril Ramphosa se nuwe Presidensiële Ekonomiese Adviesraad.

**PROF. MARK SWILLING**, akademiese direkteur van die Volhoubaarheidsinstituut, is as ondervoorsitter van die nuwe raad van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA) aangestel is.

Drie personeellede van die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling is beloon vir hul bydrae tot navorsingsbestuur in Suider-Afrika deur die Departement van Wetenskap en Innovasie/Southern African Research and Innovation Management Association (DWI/SARIMA) se toekennings vir uitnemendheid in navorsing en innovasie. **CORNELIA MALHERBE**, Direkteur: Navorsingskontrakte, het die toekenning vir Uitstekende Bydrae tot die Navorsingsbestuursprofessie ontvang. **CLARISSA GRAHAM**, Navorsingsetiek-koördineerder: Mensnavorsing/Humaniora, het die toekenning vir Professionele Uitnemendheid in Navorsingsbestuur ontvang. Die toekenning vir Vroeë Loopbaan Uitnemendheid is aan **ASLAM ARNOLDS**, Administratiewe Beampte: Navorsingskontrakte, toegeken.

## BOTANIESE TUIN FLOREER NÁ AKKREDITASIE

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Botaniese Tuin (foto regs) is die enigste tuin in Afrika en een van slegs 11 tuine in die wêreld wat as 'n geakkrediteerde bewaringspraktisyn deur Botanic Gardens Conservation International (BGCI) aangewys is.

Die BGCI bewaringspraktisyn-akkreditasie verleen amptelike erkenning aan uitnemendheid in plantbewaringsbeleid, -praktyk en -opvoeding, en akkrediteer botaniese tuine wat plantbewarings-aktiwiteite beoefen wat van plaaslike, nasionale en wêreldwye belang is.

Ten spyte van die voortslepende waterkrisis in die Wes-Kaap, floreer die Universiteit se Botaniese Tuin.

"Ons bewaringswerk fokus nou hoofsaaklik op bolle en orgideë omdat daar van albei soorte bedreigde spesies in die Kaapse Floristiese Streek voorkom en grootskaals in ons klein ruimtes gekweek kan word.

"Albei is toevallig ook charismaties, koel en baie mooi, en maak 'n botaniese tuin baie bemarkbaar. En ons wil die tuin met die publiek deel," sê dr. Donovan Kirkwood, kurator van die tuin.



## UNIVERSITEITSWYN BLINK UIT

**Die Universiteit Stellenbosch (US) se wynmaker en keldermeester, Riaan Wassung, kan met reg trots voel na afloop van die 29ste Veritas Vertex-toekennings.**

**Sy Die Laan Merlot Reserve 2017 was die enigste Merlot onder die 1 491 inskrywings by vanjaar se kompetisie om 'n dubbelgoue medalje te ontvang.**

**Om 'n dubbelgoud-toekenning te kon ontvang moes 'n wyn minstens 93 uit 100 op die beoordelaars se puntestaat behaal het.**

**'n Dubbelgoud is die hoogste toekenning wat 'n wyn wat in die US se Welgevallen Kelder gemaak is, al by hierdie gerekende kompetisie behaal het.**

**Vier ander wyne wat vanjaar deur die kelder ingeskryf is, het 'n silwermedalje ontvang, en 'n vyfde het 'n bronsmedalje gekry.**

**Die Welgevallen Wynkelder is deel van die US se Fakulteit AgriWetenskappe. Die US is die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat wingerd- en wynkunde as studieveld aanbied.**





# VRYHEID OM TE LEER

*Die Universiteit Stellenbosch se Ubuntu Leer-kortkursus vir gevangenes breek nie net skeidsmure af nie, maar bied aan studente 'n transformerende leerervaring.*

***Woorde*** RENÉ-JEAN VAN DER BERG
***Foto*** STEFAN ELS

**O**m saam met gevangenes in 'n klaskamer by 'n korrektiewe fasiliteit te sit en saam lesings by te woon was tot nou toe nog ongehoord vir studente van die Universiteit Stellenbosch (US). Maar hierdie transformerende studente-ervaring is presies wat dr. Mary Nel, 'n senior dosent by die Fakulteit Regsgeleerdheid, moontlik gemaak het met 'n nuwe kortkursus wat sy by die Brandvlei- Korrektiewe Sentrum op Worcester van stapel gestuur het.

Dié inisiatief, wat as die Ubuntu Leer-kortkursus bekend staan, is die eindresultaat van 'n sosiale impak-vennootskap tussen die US en die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD). Dis 'n interdissiplinêre kursus wat in Maart vanjaar begin het en 14 weke geduur het. Dit het studente van Stellenbosch en gevangenes in dié tronk een keer per week by die Brandvlei-gevangenis bymekaar gebring vir 'n drie uur lange klas. Die doel van die kursus was om sosiale geregtigheid te bevorder en om leer te vermenslik deur samewerking, gemeenskapsbou en bande te skep.

"Ons is dikwels bang vir, en haat soms selfs, vreemdelinge. In Suid-Afrika het baie van ons beperkte geleenthede om buite ons gemaksone te beweeg om in aanraking te kom met mense wat uit heeltemal ander omstandighede kom en ander lewenservaring as ons het, en by hulle te leer. Daarom is ons geneig om mense buite ons gevestigde groepe as 'Die Ander' te beskou, en dikwels verdierlik ons hulle of maak ons hulle selfs as demone uit," sê Mary.

Sy voeg by dat dit beslis die geval is met oortreders in korrektiewe sentrums en selfs nadat hulle vrygelaat is.

## STEREOTIPES

Mary meen onkundige stereotipering keer dat vrygelate gevangenes toegang tot verdere onderrig en opleiding kry, om werk te vind en om weer suksesvol in die samelewing opgeneem te word om stabiele, produktiewe en vervullende lewens te lei. Dit maak dit onvermydelik dat die persoon weer 'n misdaad gaan pleeg.

"Om studente by 'n gevangenis en inwonende universiteitsstudente in dieselfde klaskamer te hê waar hulle saam met en van mekaar leer, daag die vernietigende stereotipes uit van die bedreigende, onvoorspelbare gevaarlike misdadiger en die verwaande kampusstudent wat in 'n invoortoring woon.

"Ons moet die persepsie oor diegene wat agter tralies is verander en maniere vind om die skeidsmure tussen die gevangenis en die gemeenskap af te breek – in ons spesifieke konteks tussen die gevangenis en die universiteit. Dis presies die oogmerk van die Ubuntu Leer-kortkursus."

In die kursus het die onderwerp "Is ek omdat ons is? Bestudeer onsself en gemeenskappe" deur die vakgebiede van die regte, literatuur, geskiedenis en ekonomie ondersoek. Mary het die program op soortgelyke gevangenis-opleidingsinisiatiewe van kolleges in die Verenigde Koninkryk ("Learning Together" by Cambridge-universiteit) en Amerika ("Prison-to-College Pipeline" by die John Jay-kollege vir Kriminele Geregtigheid, New York) gegrond.

Die ander US-akademici wat saam met Mary as kursusfasiliteerders opgetree het, was drr. Chet Fransch van die Departement Geskiedenis, Daniel Roux van die Departement Engels en Debra Shepherd van die Departement Ekonomie.

## GETRANSFORMEERD

"'n Mens is geneig om jouself en jou rol in die samelewing te bevraagteken – veral hier," sê die 24-jarige Awande Mshotana, een van die kursusgangers van Brandvlei. "Deur ons talle intensiewe besprekings in die klas het ons nie net meer oor verskeie akademiese vakrigtings geleer en begin om dit te verstaan nie, maar ook mekaar leer ken en mekaar wedersyds begin respekteer."

Awande, wat reeds vyf jaar van 'n 15-jaar vonnis uitgedien het, is met sy LLB-studies deur Unisa besig. "Aan die begin het ons almal getwyfel of ons by die US-studente sou kon byhou. En hier is ons vandag! Die kursus het my gehelp om 'n ander siening te kry van 'n groep jongmense wat anders as ek grootgeword het," het Awande by die sertifikaatoorhandiging in Oktober gesê.

Caitlin Lee Kleynhans, studente-koördineeer van die Ubuntu Leer-kursus, is al betrokke sedert die eerste dinkskrum om die formaat van die klasse en watter temas behandel sal word te bepaal. "My ondervinding hiervan het my laat besluit om 'n loopbaan te volg in die hervorming en opvoeding van gevangenes."

Sy meen die kursus is vir die studente binne en buite die gevangenis 'n lewensveranderde ervaring – die US-studente is toegewyd om

verandering te bewerkstellig oor hoe misdaad hanteer en gevangenes behandel word, terwyl gevangenes ook agente vir verandering in die land wil word.

"Ek kan nie wag om in die volgende jare nog meer studente dieselfde geleentheid te bied nie," sê Caitlin.

## LEWENSVERANDEREND

Kelly-Robyn Morey, 'n US-dramastudent, sê: "Voor ons eerste klas was ek nie seker wat op ons sou wag nie, maar indien ons onsself toelaat om by mekaar te leer, word ons getransformeer. Ek het geleer om my medestudente – dié met die oranje gevangenisoorpakke aan – te respekteer en te verstaan."

Vir Sejal Debideen was dit eweneens 'n lewensveranderde ervaring. "Die beste deel was om die gevangenes te leer ken vir wie hulle is. Hulle is net mense wat hul tyd in 'n korrektiewe fasiliteit gebruik om beter te word en produktiewe lede van die samelewing te word. Hierdie inisiatief gaan oor menslikheid, en ek sal enige tyd weer deel daarvan wees."

Mary glo die Ubuntu Leer-kortkursus sal in 2020 voortgesit word.

"Ons het reeds saam met die kursusgangers begin beplan hoe ons aanstaande jaar se kursus wil hê. Wat uitgekom het, is dat ons ons denkpatrone wil verander en ons vooroordele verder wil uitdaag – veral die stereotipes wat met geslag verband hou en tot geslagsgebaseerde geweld bydra.

"Ons wil ook 'n onderdeel byvoeg wat op die kunste en kunsuitdrukking fokus, en ons wil die kursus uitbrei om meer kursusgangers in te sluit. Ons hoop vir die toekoms is om voort te gaan om die skeidsmure tussen die gevangenis en die US af te breek.

"Ons wil in staat wees om akademiese en maatskaplike steun aan ons gevonnisde graduandi te bied wanneer hulle vrygelaat word – hopelik ook om hulle te help om verder aan die US te studeer."

## *Meer oor* KORTKURSUSSE

**Die Afdeling Kortkursusse is reeds in Januarie 2007 by die Universiteit Stellenbosch (US) gevestig met die doel om namens die US die prosesse rakende kortkursusse te koördineer, te standaardiseer en te ondersteun.**

**Die kortkursusse is 'n onderrigaktiwiteit wat in die naam van die US aangebied word en dit voldoen aan die gehalteversekeringsvereistes van die Universiteit, asook owerheids- en reguleringsinstellings, soos die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.**

**Die kortkursusse word in verskillende velde aangebied, waaronder bestuursontwikkeling, gemeenskapsinteraksie en ontwikkeling, publieke administrasie, opvoedkunde en die regte. Die verskillende US-departemente in hierdie velde bestuur die kortkursusse, en al die kursusse word deur die US geakkrediteer met behulp van die gehalteversekeringstelsels en -meganismes wat deur die Raad op Hoër Onderwys goedgekeur is.**

**Die openbare én privaatsektor kan baat by die kursusse.**

FOTO (bladsy 14): Caitlin Lee Kleynhans, Kelly-Robyn Morey en Sejal Debideen sê hul ervaring met die Ubuntu Leer-kortkursus was insiggewend en verrykend.

# SUKSES OP **DIE SPEL**

*Soms sukkel studente om die gaping tussen skool en universiteit te oorbrug. Dis dan wanneer dosente innoverende maniere moet vind om hulle te help om die mas op te kom.*

***Woorde*** ALEC BASSON
***Foto*** STEFAN ELS


YOU READY TO TEST YOUR

Dit raak al hoe belangriker om studente betrokke te kry by leeraktiwiteite of om hulle daaraan te laat deelneem, want dit is ŉ voorspeller van studentesukses. Een van die maniere waarop studente meer betrokke kan word, is deur die gebruik van spel-elemente (in Engels beter bekend as *gamification*) in aanlyn-leeraktiwiteite.

"Opvoedkundige speletjies het die potensiaal om leerervarings te ondersteun en te verbeter. Dit moedig studente aan om meer aandag aan hul werk te gee en help hulle om uiteindelik beter te vaar in hul studies," sê dr. Samantha Adams (foto, bladsy 21), ŉ dosent by die Departement Bedryfsielkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Samantha het vir haar onlangse doktorsgraad in Bedryfsielkunde ŉ opvoedkundige speletjie-gebaseerde platform op die US se leerbestuurstelsel, SUNLearn, ontwerp om studente se deelname aan leeraktiwiteite te verbeter. Hiervoor het sy elemente van rekenaarspeletjies soos puntetellings, onderskeidingstekens, voorloperborde, vlakke en kompetisies gebruik. Die inhoud vir die speletjieplatform kom uit twee Bedryfsielkunde-modules en die gepaardgaande aanlyn-leeraktiwiteite.

## AANLYN-TAKE

Studente het steeds dieselfde kursuswerk gedoen, maar dit is net op ŉ aantrekliker manier aangebied. "Die aanlyn-take wat studente gewoonlik doen, is op die speletjieplatform ingebou as vlakke of uitdagings wat hulle moet voltooi om na die volgende vlak te kan vorder. Alles was in lyn met die hoofstukke of temas waarmee hulle in die klas besig was," vertel Samantha.

Die spel-elemente is gebruik om studente meer by die kursuswerk te betrek, om hulle te motiveer om werksopdragte te voltooi, en om hulle in groepe te laat saamwerk.

Die aanlyn-inhoud en aktiwiteite op die speletjieplatform het die studente kans gegee om bykomende oefeninge te doen oor die werk wat reeds behandel is en om die aanleer van die werk te verbeter."

Samantha meen haar navorsingsbevindinge dui daarop dat spel-elemente, tesame met leeraktiwiteite wat weldeurdag ontwerp is, studente se betrokkenheid kan aanmoedig deur hulle aan take te laat deelneem en daardie take te voltooi. "As studente betrokke is, is hulle kans op sukses groter," sê sy.

Wat studente se betrokkenheid betref, het Samantha veral na die verskillende dimensies hiervan gekyk, soos studente se gedragsbetrokkenheid (woon hulle klasse by en neem hulle deel aan aktiwiteite op SUNLearn?), emosionele betrokkenheid (heg die studente waarde aan wat hulle doen; is die kursuswerk ŉ waardevolle ondervinding?) en kognitiewe betrokkenheid (dink studente oor dít wat hulle leer; dink hulle vooruit oor hoe hulle die kennis wat hulle in die lesingsaal opdoen, eendag sal kan toepas?).

## BETEKENISVOL

"Spel-elemente kan studente se gedrags-, emosionele en kognitiewe betrokkenheid beïnvloed as die speletjie hulle motiveer of beloon, die aktiwiteite relevant is, en as hulle die ondervinding geniet. Maar as hierdie faktore afwesig is, of die speletjie frustreer of maak die student angstig, sal dit waarskynlik ŉ negatiewe uitwerking op hul emosionele en gedragsbetrokkenheid hê," voeg Samantha by.

Sy sê as studente die aktiwiteite as relevant of betekenisvol beskou het, was hulle geneig om meer moeite te doen met ŉ werkopdrag sodat hulle dan na die volgende vlak kan beweeg. As hulle die geleentheid kry om die leermateriaal prakties toe te pas, kan dit ook lei tot meer betekenisvolle interaksie met die kursuswerk.

"Dis belangrik dat studente van ŉ vak moet hou om die spel-elemente in die inhoud te kan geniet. Die vlak van betrokkenheid was laer onder studente wat nie die vak geniet het nie en die gebruik van spel-elemente in die inhoud het min gedoen om hulle meer betrokke te kry," verduidelik Samantha.

## ONTWERPBEGINSELS

Benewens die speletjie-gebaseerde platform, het sy ontwerpbeginsels ontwikkel wat dosente in ander vakgebiede as riglyne kan gebruik indien hulle spel-elemente as deel van hul onderrig wil gebruik.

Dit sluit in die verskaffing van gefokusde doelwitte vir leeraktiwiteite; uitdagende take wat betekenis en relevansie oordra; vinnige terugvoer oor vordering; die skep van geleenthede vir sosiale interaksie deur mededinging of samewerking; en die skep van

ŉ omgewing wat nuuskierigheid aanwakker en vir kreatiewe denke en ware probleemoplossing voorsiening maak. Samantha meen indien hierdie beginsels reg toegepas word, behoort dit studente meer betrokke te kry by die leerproses.

Sy voeg by dat dosente ook faktore soos studente se konteks, die grootte van die groep, programstruktuur en of ŉ module verpligtend is of nie, in ag moet neem in die ontwerp en gebruik van spel-elemente.

Haar speletjieplatform, sê Samantha, moenie as ŉ een-grootte-pas-almal gesien word nie, omdat spel-elemente maar net een hulpmiddel is wat kan help om studente meer betrokke te kry. "Maar dit moet hoofsaaklik vir leer en nie vir vermaak aangewend word nie."

**Kyk 'n video**
**www.youtube.com/stellenboschuni**

*Meer oor*
## STUDENTESUKSES

**Studente se sukses is vir die Universiteit Stellenbosch (US) ŉ prioriteit, omdat ons aan alle studente, ook dié met spesifieke leerbehoeftes, ŉ transformerende ervaring wil bied. Statistiek wys die US vaar reeds goed daarin.**

**In die 2018 akademiese jaar het die universiteit 9 004 kwalifikasies toegeken, en van 2013 tot 2018 is 49 624 toegeken, waaronder 8 594 meestergrade en altesaam 1 617 doktorsgrade. Die US lewer omtrent 10% van alle doktorsgrade in die land op.**

**Van 2013 tot 2018 was die slaagsyfer vir modules deurgaans bo 85%. Die US spog met die hoogste deurvloeikoers van alle universiteite in Suid-Afrika: 84% teenoor die nasionale gemiddelde van 68%. Gemiddeld 8 uit tien studente aan die US voltooi hul studies, en net 1 uit 10 eerstejaars sak uit. Van 2012 tot 2018 het die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Nagraadse Skool altesaam 114 doktorsgrade opgelewer. Die Afrika- Doktorale Akademie het sedert 2009 somer- en winterskole vir 4 500 huidige en voornemende doktorale kandidate en hul studieleiers van ander Afrika-lande aangebied.**

**Fasiliteite en inisiatiewe wat studentesukses aan die US bevorder, sluit in geteikende studente-ondersteuning, psigoterapeutiese dienste, ŉ 24-uur krisisdiens, ŉ innoverende en stimulerende leeromgewing wat insluit toegang tot rekenaargebruikareas, interaktiewe satellietgebaseerde tegnologie, massiewe oop-aanlyn-kursusse (MOOC's), internet in lesingsale, regstreekse stroomuitsendings, en die leerbestuurstelsel SUNLearn.**

# PROJEKTE MET IMPAK

*Die Universiteit Stellenbosch is een van die voorste navorsingsgedrewe instellings in Afrika. Hier is drie projekte wat presies dit bewys.*

***Woorde*** ALEC BASSON
***Foto's*** STEFAN ELS



## *AgriWetenskappe*

# BYPRODUKTE VAN SITRUS EN DRUIWE

ŉ Span navorsers aan die Universiteit Stellenbosch (US) het bevind dat groot hoeveelhede byprodukte, wat ryk is aan bioaktiewe komponente, van sitrus en druiwe wat normaalweg as afval beskou word en meestal op stortingsterreine beland, dalk in die vervaardiging van natuurlike voedselpreserveermiddels gebruik kan word.

**Dr. Cletos Mapiye (foto, bladsy 22)** van die Departement Veekundige Wetenskappe sê druiwe-afval, druiwepitte en clementine-mandarynlemoenskil en -pulp kan ŉ lewensvatbare alternatief bied vir sintetiese preserveermiddels wat aangewend word om die prosesse wat voedselbederwing veroorsaak, te vertraag en die gehalte, veiligheid en rakleeftyd van voedsel te verbeter.

Hy en kollegas in die Departement Voedselwetenskappe en die Departement Hortologie se Ná-oes Tegnologie Navorsingslaboratorium het die fitochemiese (biologies-aktiewe verbindings) samestelling asook die antioksidant- en antimikrobiese eienskappe van druiwe-afval, druiwepitte en clementine-mandarynlemoenskil en -pulp wat in Suid-Afrika verbou word, ontleed. Hul navorsing het gewys dat druiwe-ekstrak die grootste hoeveelhede saamgeperste tannine bevat, terwyl mandarynskilekstrakte die meeste askorbiensuur (vitamien C) gehad het.

Druifpit-ekstrakte het die meeste antioksidantiese aktiwiteite getoon van al die ekstrakte wat getoets is. Antimikrobiese aktiwiteite het die meeste in ekstrakte van mandarynlemoenskil en -pulp voorgekom, gevolg deur die ekstrakte van druiwepitte en druiwepulp. Ekstrakte van druiwepitte en mandaryn-lemoenskil en -pulp kan afsonderlik of gekombineerd as uitstekende antioksidante en antimikrobiese bronne vir die moontlike aanwending in voedsel oorweeg word.

Danksy hul antimikrobiese eienskappe kan clementine-mandarynlemoenskil en -pulp ŉ geskikte alternatief vir sulfate bied en sodoende die risiko van allergieë wat sintetiese preserveermiddels inhou, verminder.

## *Geneeskunde*

# DIABETIESE OOGSIEKTE

Diabetiese oogsiekte is wêreldwyd een van die voorste oorsake van blindheid en kan duur wees om te behandel in veral lae- en middel-inkomste lande soos Suid-Afrika. Maar daar is hoop vir mense wat hieraan ly, danksy ŉ doktorale studie wat **dr. Jose Fernando Arevalo** by die US gedoen het.

Hy is tans verbonde aan die Departement Oogheelkunde by die Johns Hopkins-universiteit se Skool vir Geneeskunde in Baltimore, Amerika. Jose het bevind dat wanneer die relatief goedkoper middel genaamd bevacizumab in die oë ingespuit word, dit help om diabetiese oogsiekte te behandel en blindheid te voorkom.

Jose sê die doel van sy navorsing was om vas te stel of inspuitings met bevacizumab, wat onder die handelsnaam Avastin verkoop word, kan help om die komplikasies van diabetiese oogsiekte in lae- en middel-inkomste lande te bestuur. In verskeie ondersoeke by verskillende mediese sentrums in 13 Latyns-Amerikaanse lande het Jose gekyk na die effektiwiteit van nie-goedgekeurde ("off-label") bevacizumab-inspuitings as behandeling vir diabetiese oogsiekte.

Hy sê sy navorsing het getoon dat inspuitings met bevacizumab, wat minimale newe-effekte het, effektief is teen die opbou van vloeistof in die retina en die abnormale groei van bloedvate in die oog.

Jose wys daarop dat in die studie van 1 265 pasiënte wat 4 303 ooginspuitings van 1,25 mg of 2,5 mg bevacizumab ontvang het, bevind is dat hierdie prosedure veilig is.

Hy sê tans word slegs die laer dosis van 1,25 mg aanbeveel.



*Maatskaplike Werk*

# SEKSUEEL MISHANDELDE KINDERS

'n Gebrek aan hulpbronne en swak beleidsimplementering is van die redes vir die voortslepende vlaag van seksuele kindermishandeling in Suid-Afrika.

Diensverskaffers by organisasies sonder winsbejag wat seksueel mishandelde kinders help, sukkel om relevante beleidsbepalings en wetgewing in hul direkte diensverskaffing toe te pas omdat 'n gebrek aan geld en hulpbronne dikwels bemagtigingsdienste kniehalter.

Só meen dr. Tasneemah Cornelissen-Nordien (foto bo) van die Departement Maatskaplike Werk wat onlangs haar doktorsgraad oor dié onderwerp voltooi het. Sy sê diensverskaffers blyk ook onbekend te wees met regeringsbeleide en wetgewende raamwerke vir die implementering van dienste en die beskerming van kinders teen seksuele misbruik. Indien diensverskaffers beter hieroor ingelig is, sal hulle in 'n beter posisie wees om as kampvegters vir mishandelde kinders en hul versorgers op te tree. Weens diensverskaffers se gebrek aan kennis oor die beleide en wetgewing, kry seksueel mishandelde kinders nie maklik toegang tot voldoende bemagtigingsdienste nie.

Hulle het hierdie dienste desperaat nodig omdat hulle dikwels aan 'n wye verskeidenheid nagevolge, soos posttraumatiese stres-steuring, depressie, selfdoodneigings, swak selfbeeld, kognitiewe ongeskiktheid, ontwikkelingsvertraging en swak skool-prestasie ly.

Tasneemah sê die regering moet meer doen om diensverskaffers by organisasies sonder winsbejag te ondersteun.

# STORIES
# WAT ONS BYBLY

*Navorsing oor die trauma van apartheid het nie net 'n boek tot gevolg gehad nie, maar ook gelei tot blywende verhoudinge met inwoners van die Kaapse Vlakte.*

***Woorde*** RENÉ-JEAN VAN DER BERG
***Foto*** BOTSWELE MOGOTLANE



Abeeda Stofberg (foto, bladsy 29) staan op die presiese plek waar die ikoniese anti-apartheidsaktivis Ashley Kriel deur die polisie om die lewe gebring is vir sy rol in die stryd teen apartheid en wys na 'n paar huise verder af in die straat.

Dié straat, een van die besigstes in Bonteheuwel op die Kaapse Vlakte, is 'n miernes van bedrywigheid met mense, honde en verkeer oral. Jong seuns wys hoe vinnig hulle 'n tol kan laat draai, meisies spring tou, groepe jongmanne staan rondom hookah-pype saamgedrom, vroue dra swaar sakke kruideniersware van 'n nabygeleë inkopiesentrum en minibus taxi's toet ritmies om moontlike passasiers te lok.

Dis net nog 'n Saterdag in Bonteheuwel, 'n buurt waarheen talle voormalige inwoners van Distrik Ses en Kaapstad gedwonge heen verskuif is weens die Groepsgebiedewet van 1950. Abeeda was net 'n klein dogtertjie toe haar gesin ook gedwing is om hierheen te trek.

"Hierdie jongmense loop elke dag hier verby en het geen idee wat gebeur het nie," sê Abeeda, terwyl sy na 'n spesifieke huis wys. "Die polisie het een nag die huis bestorm en haar kom haal. Haar baba was net 'n paar maande oud, so toe sit die polisie sommer die baba ook in die vangwa. Hulle het vermoed sy is by goed betrokke ... anti-regeringsgoed," sê sy huiwerig terwyl sy al hoe sagter fluister, asof sy steeds te bang is om dit hardop te sê.

Abeeda trek haar swart hidjab reg en sug. "Ons moet hierdie stories vertel. Die jonges vandag sê vir ons reguit, 'Nee, vi' wat moet o's nou wee' daai hoo'?' Wat moet ons doen as dít hulle houding is?" vra sy. "Hulle het geen respek vir óns stories en die land se geskiedenis nie. Ons maak op julle (die Universiteit Stellenbosch/ US) staat om ons te help om hierdie stories te vertel."

## SAMEWERKING

Die navorsing van hierdie stories oor die trauma van apartheid en die invloed wat dit vandag nog op die lewens van alledaagse Suid-Afrikaners het, is presies wat die doel van 'n onlangse projek van die US se eenheid vir Studies in Historiese Trauma en Transformasie, in samewerking met die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, was.

Dit is hoofsaaklik deur die Andrew W Mellon-stigting en die Nasionale Instituut vir Geestes- en Sosiale Wetenskappe geborg.

Aan die hand van hierdie projek, wat vier jaar gelede begin is, kon navorsers daarin slaag om nie net inligting van respondente te verkry nie, maar ook om vennootskappe te sluit en netwerke te bou met die gemeenskappe waar hierdie navorsing gedoen is.

Prof. Pumla Gobodo-Madikizela, bekleër van die navorsingsleerstoel in Historiese Trauma en Transformasie, het by 'n onlangse bespreking gesê navorsers "verdwyn" dikwels uit gemeenskappe waar hulle gewerk het, sonder om terugvoer oor hul navorsing en bevindinge te gee. Die US beplan egter om die gemeenskappe wat dit dien, aan te neem om maatskaplike, kulturele, omgewings- en ekonomiese ontwikkeling en verandering mee te bring. Een manier om dié doel te bereik is deur navorsingsprojekte soos hierdie een, wat in Bonteheuwel, Langa en Worcester onderneem is.

## GESKIEDENIS

Benewens om die verhouding tussen dit wat gebeur het en dit wat nou gebeur te verstaan, is die projek ook 'n eerste om deelnemers se stemme deel van die land se geskiedenis te maak.

Die stories van sommige deelnemers aan die navorsing is in 'n boek uitgegee. Dié boek heet *These are the things that sit with us* en is in die drie gemeenskappe waar die navorsing onderneem is, bekendgestel.

Deelnemers aan die navorsing wie se stories in die boek vervat is, het by die boekbekendstellings die eerste keer die geleentheid gekry om hierdie stories in 'n openbare ruimte met ander te deel.

*These are the things that sit with us* is Pumla se geesteskind. Dit sal hopelik meer en dieper gesprekke oor Suid-Afrika se moeilike verlede uitlok. Die boek gee aan lesers 'n kykie in die ongeboekstaafde alledaagse ondervindinge wat die lewens van gewone Suid-Afrikaners tydens die land se pynlike verlede gevorm het.

"Deur hul herinneringe te deel, het die storievertellers die omvang van die wyer en moeiliker gesprek oor wat geregtigheid beteken en die verlore dele van die diskoers van versoening in Suid-Afrika uitgestippel," verduidelik Pumla.

Die stories vir die boek is in die deelnemers se moedertaal ingesamel en die onderhoude is ook in hul eie taal gedoen en daarom word die boek in drie tale uitgegee: Afrikaans, Engels en isiXhosa. Dit was vir die navorsers belangrik om die stories te publiseer in die taal wat die storievertellers gebruik het om hul ervarings te onthou en te vertel.

## STORIES

"Dit is ook op 'n ander manier belangrik: Suid-Afrikaners moet sien dat hul stories ook in ander woordeskatte bestaan. 'n Storie in isiXhosa kry 'n ander betekenis as dit ook in Afrikaans bestaan. Ons hoop dat wanneer mense die stories van hul eie taalgemeenskap sien voortvloei in die taal van 'n ander taalgemeenskap, dit as 'n brug tussen die uiteenlopende ondervindings waaruit ons Suid-Afrikaanse nasie gebou is, sal dien.

"Die boek verteenwoordig nuwe gewoontes, nuwe maniere van weet en hopelik ook nuwe manier van om in hierdie land te wees. En hierin lê daar dalk talle lesse opgesluit om met die res van die wêreld te deel," sê Pumla.

"Deur die stories wat in hierdie navorsingsprojek versamel is in 'n boek byeen te bring, posisioneer navorsingsdeelnemers op 'n ander manier. Dit erken dat hulle iets het om te sê, en dat dít wat hulle wil sê, belangrik genoeg is vir ander mense om te sien en te hoor," voeg Pumla by.

Dr. Marietjie Oelofsen, 'n navorser by die US se Studies in Historiese Trauma en Transformasie en een van die redakteurs van die boek, sê sy was verras oor wat dit vir die mense beteken het om hul stories te vertel.

"Die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) was 'n vertrekpunt vir mense om hul stories te vertel. Maar nadat die WVK sy werk afgehandel het, het ons die gesprek opgeskort. Ons het nog nie al hierdie stories ten volle ontgin nie en hierdie boek is 'n poging om meer Suid-Afrikaners by hierdie gesprekke te betrek."

## *Meer oor* DIE BOEK




**"Ons het gehuil en gelag, maar ten diepste was ons hartseer."**

***"They shot him in broad daylight, there was no warning."***

***"Olu loyiko, oku kuzithoba isidima yayiyinto endiphazamisayo."***

**Die oorspronklike Engelse boek, *These are the things that sit with us*, wat in Afrikaans uitgegee is as *Hierdie is die goed wat aan ons kleef* en in Xhosa as *Izinto ezisiSingqala kuthi*, vertel tallose stories oor die apartheidstydperk.**

**Van hulle is: 'n Gesinsuitstappie na die strand wat in 'n ernstige polisie-aanval ontaard omdat 'n klein dogtertjie se bal na die "Slegs Blankes"-gedeelte op die trein oorgerol het; 'n seuntjie wat nooit weer sy familieplaas gesien het nie; en 'n jong meisie wat sien hoe trekwerkers met die chemiese middel DDT gewas word uit vrees dat hulle siektes dra.**

**Om die boek te bestel stuur 'n e-pos aan dr. Marietjie Oelofsen by hmoelofsen@sun.ac.za. Die boek is ook by die meeste boekwinkels te kry. Dit is deur Jacana Media uitgegee.**





# DIE WAARDE VAN **WATER**

*'n Projek van die Universiteit Stellenbosch en die plaaslike munisipaliteit maak nie net 'n impak op dorpsinwoners nie; op die lange duur kan dit ook die oorlewing van 'n rivier verseker.*

***Woorde*** WIIDA FOURIE-BASSON
***Foto*** STEFAN ELS

Aan die voet van Papegaaiberg op Stellenbosch vloei die Plankenbrugrivier digby 'n informele nedersetting verby waar meer as 5 500 inwoners so min as 150 gemeenskaplike toilette en 57 krane moet deel. Sonder voldoende water- en sanitasiegeriewe vir die mense van Enkanini is dit nie net die inwoners wat sal ly nie, maar ook die nabygeleë rivier.

Dít is waarom dr. Leanne Seeliger nie met haar hande gevou kon sit en niks doen nie. As senior navorser en deskundige op die gebied van omgewingsetiek by die Universiteit Stellenbosch (US) se Waterinstituut is haar navorsingsetiek daarop gerig om positiewe verandering so gou as moontlik teweeg te bring.

En dit is waar die opvoedkundige omgewingskursus Iqhawe Lemvelo (natuurheld) inpas. Een van die lewensvaardighede wat leerders sal hê na afloop van hierdie unieke kursus, is hoe om water en afval in hul onderskeie huishoudings in die informele nedersetting te hanteer.

Die kursus is inderdaad uniek in die opsig dat dit kwessies aanspreek waarmee kinders in informele nedersettings daagliks te doen kry. As deel van die opvoedkundige been van die Amanzi Yimpilo-projek (water is gesondheid), 'n samewerkingsvennootskap tussen die US Waterinstituut en die Stellenbosch-munisipaliteit, poog dié kursus om gemeenskapsondersteuning en -samewerking aan te wakker om water- en sanitasiedienste in die gemeenskap te verbeter.

## BESOEDELING

Leanne werk al vir die afgelope sewe jaar in Enkanini, 'n informele nedersetting wat in 2006 ontstaan het toe 47 families van die nabygeleë Kayamandi-township 'n aangrensende stuk landbougrond beset het – vandaar die naam Enkanini, wat "met mag ingeneem" beteken. Enkanini het eers ses jaar later, in 2012, gemeenskaplike krane en toilette gekry, maar toe was daar reeds besoedeling in die Plankenbrugrivier.

"Informeel is die nuwe norm. Munisipaliteite moet aanpasbaar, kreatief en innoverend wees om dit konstruktief te bestuur," verduidelik Leanne. "Totdat informele nedersettings nie ordentlike water- en sanitasiedienste ontvang het nie, gaan ons riviere en ekosisteme ly. Dit is nie net 'n sosio-ekologiese probleem nie; dit hou geweldige implikasies in vir landbou, voedselproduksie en openbare gesondheid."

Vroeër vanjaar het Leanne die geleentheid aangegryp om haar teoretiese kennis in die praktyk toe te pas toe die Stellenbosch-munisipaliteit haar genader het om te help om water- en sanitasiedienste in Enkanini te verbeter.

Die Amanzi Yimpilo-projek was die resultaat. Omdat dit geskoei is op die beginsel van transformerende bestuur, betrek Leanne die gemeenskap én die munisipaliteit om oplossings te vind. Die projek behels opleidingswerkswinkels vir die inwoners, twee water-etiek meningsopnames, 'n omgewingsopvoedingsprojek, sowel as die ontwikkeling van 'n watermoniteringstoepassing.

## MENINGSPEILING

In noue samewerking met Paul Roviss Khambule, 'n sosiale entrepreneur van Kayamandi, het hulle 'n paar inwoners van Enkanini geïdentifiseer en as medenavorsers opgelei. Vroeër vanjaar het dié span 'n meningspeiling onder 800 huishoudings gedoen om hierdeur hul houding ten opsigte van water en sanitasie te probeer verstaan.

Vir die duur van die projek is die spanlede in diens van die regering se uitgebreide program vir openbare werke.

Paul sê die opname het reeds daarin geslaag om die gemeenskap meer bewus te maak van die probleem.

"Dit is nie net die universiteit wat inkom om navorsing te doen nie; dit gaan daaroor om die gemeenskap bewus te maak dat hul gedrag, soos om riool en afval buite op straat te gooi, die gemeenskap en die omgewing kan benadeel."

Die span moedig ook inwoners aan om verstopte toilette en pype direk by die munisipaliteit se Let's Fixit-lyn aan te meld, waarvandaan dit onmiddellik by die relevante departemente gerapporteer word.

Op grondvlak lyk dit asof 'n meer buigsame verhouding tussen die Enkanini-gemeenskap en die munisipaliteit besig is om te ontwikkel, wat gepaard gaan met 'n daadwerklike poging

*Meer oor*

# DIE AMANZI YIMPILO-PROJEK

**Die Amanzi Yimpilo-projek (water is gesondheid) is ŉ uitvloeisel van die Rektors- en Uitvoerende Burgemeestersforum, ŉ struktuur wat samewerking tussen die Universiteit Stellenbosch en die Stellenbosch-munisipaliteit bevorder, tot voordeel van die hele dorp en gemeenskap.**

**Die doel van die projek is om navorsing te doen oor die uitdagings rondom water, afval- en sanitasiegeriewe in die gemeenskap, en hoe om dit te verbeter.**

van die munisipaliteit om water- en sanitasie-infrastruktuur in die gemeenskap te verbeter, meen Kamohelo Mculu, projekbestuurder by die munisipaliteit se Infrastruktuurdiensteafdeling.

Buiten die dringende kwessies rakende die gemeenskap en die Plankenbrugrivier, is Leanne veral bekommerd oor die kinders.

Dis waarom sy en ŉ groep vrywilligers reeds sewe jaar gelede in samewerking met die munisipaliteit ŉ opvoedingsentrum in Enkanini begin het. Dit is gehuisves in twee Wendyhuisies teen die hange van Papegaaiberg. Dit dien as crèche en nou ook as plek waar die Iqhawe Lemvelo-kursus aangebied word.

## INTEGRITEIT

"Kinders uit informele nedersettings word dikwels benadeel deur ŉ skoolstelsel wat nie in hul spesifieke behoeftes voorsien nie. Ons het ŉ program ontwerp wat op vaardighede fokus om die hier en nou van hul lewens te hanteer. Dit is ŉ plekgebaseerde benadering wat hulle in staat stel om uit hul eie lewenservarings te leer," verduidelik Leanne.

Sy het dié benadering ontwikkel in samewerking met prof. Chris Reddy van die US se Fakulteit Opvoedkunde, en die kurrikulum dek onderwerpe soos water en die herwinning van afval in jou huishouding en gemeenskap.

Hoewel hierdie navorser alombekend is vir haar saaklike houding en pragmatiese hantering van komplekse probleme, skiet Leanne se oë vol trane wanneer sy begin praat oor die harde werklikheid van armoede en ongelykheid en hoe dit kinders in informele nedersettings raak.

"My dogter het vir my, en ek kan vir haar geleenthede bied. Wat van ouers wat nie in staat is om dit vir hulle kinders te doen nie?" Uiteindelik glo sy ŉ mens kan nie ŉ prysetiket aan die natuur hang nie.

"Ons mag nie die natuur as vanselfsprekend aanvaar nie; dit het intrinsieke waarde."

En daarom is Leanne ŉ baanbreker, besig om nuwe maniere te vind om met die gemeenskap, industrie en plaaslike owerhede saam te span. Hierdeur wil sy nie net die ekologiese integriteit van die Plankenbrugrivier herstel nie, maar veral die waardigheid van die kinders wat op die rivieroewer speel.

FOTO (bladsy 30): Dr. Leanne Seeliger van die US Waterinstituut werk ten nouste saam met Paul Roviss Khambule, 'n sosiale entrepreneur van Kayamandi, om leerders van die plaaslike skole by 'n opvoedkundige omgewingsprojek te betrek.

**Kyk 'n video**
**www.youtube.com/stellenboschuni**



# 50 JAAR, 7 REKTORE

*Sedert Basil van Wyk 50 jaar gelede in 'n verwersskuur langs 'n stewige boom by die Universiteit Stellenbosch begin werk het, het hy al sewe rektore sien kom en gaan.*

***Woorde*** LYNNE RIPPENAAR-MOSES
***Foto*** STEFAN ELS

**B**asil van Wyk was daar in die apartheidsjare toe rasseskeiding in Suid-Afrika beteken het dat die Universiteit Stellenbosch (US) as 'n "Slegs Blankes"-instelling gereken is. Maar hy was ook daar om die aanbreek van demokrasie gade te slaan, én die dag toe die US vir die eerste keer in 1992 sy deure vir álle Suid-Afrikaners oopgegooi het.

Bowenal het Basil die afgelope 50 jaar wat hy by die universiteit werk, sewe rektore sien kom en gaan.

Wanneer 'n mens met Basil, nou 'n administratiewe beampte by die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en geboubestuurder van die RW Wilcocks-gebou, gesels, word dit gou duidelik dat hy 'n onuitputlike bron van institusionele inligting is.

Hy bou aan hierdie kennis reeds sedert hy die eerste keer sy voete op die US se hoofkampus op Stellenbosch gesit het. Sy besluit om by die US te kom werk, was eerder noodgedrewe as wat dit 'n loopbaankeuse was.

"Ek is op twaalfjarige ouderdom in gr. 6 uit die skool. Ek het by my ouma en oupa in Kylemore grootgeword, maar hulle het finansieel regtig baie swaargekry en ons het baie daaroor gely. Daar was dikwels geen kos op die tafel nie en sommige dae het ek selfs gewonder hoe ons gesin sou bly oorleef. Hierdie daaglikse stryd was die rede hoekom ek die skool verlaat en besluit het om eerder 'n inkomste te verdien om tot die huishouding by te dra. Ek moes my drome om 'n onderwyser te word, prysgee," vertel Basil terwyl hy die eerste dag toe hy by die US begin werk het, 3 Junie 1969, onthou.

Hy het op daardie dag by 'n stewige boom agter Admin B vir sy pligte aangemeld. Daar het hy vir die daaropvolgende jare elke oggend saam met die res van die span verwers byeengekom.

## SWAARKRY

"Langs daardie boom was daar 'n klein hokkie waar die toesighouer die verf vir die verwers gesit en meng het. In daardie dae is die geboue altyd grys en die vensterrame wit geverf. Die verwers het nie steierwerk gebruik nie. Hulle moes lang lere gebruik om by die hoë dele by te kom," onthou Basil.

"Dit was gevaarlik om op daardie lang lere te werk, maar ons het nie 'n ander keuse gehad nie. Jy moes óf die geleentheid aangryp om 'n werk te hê, of jy het sonder werk gesit. En werk was baie skaars."

Basil se plig was om die swaar, lang lere vas te hou terwyl die verwer sy taak verrig het. Wanneer die verwer een deel voltooi het, het hy afgeklim en Basil moes dan die leer na die volgende plek verskuif sodat die verwer weer kon opklim om nog 'n deel te verf.

Wanneer Basil 'n tydjie afgehad het, het hy graag deur die universiteit se tuine gestap, wat volgens hom baie mooi en ontspannend was. "Sulke tye vergeet jy van al die swaarkry wat jy moet trotseer."

As 'n jong kind was Basil reeds vasbeslote om sukses in die lewe te behaal. "Om suksesvol te wees moet jy hard werk en vasbeslote wees om jou einddoel te bereik. Ander mense sal jou nie aanmoedig nie; jy moet jouself aanmoedig.

"My gesin se ontberinge en swaarkry het my gemotiveer. Ek moes myself afvra: Wil jy vir die res van jou lewe sukkel; wil jy vir altyd iemand se 'boytjie' wees? Dis hoe ons in daardie tyd gesien is."

Die antwoord was nee, en so het Basil se reis om bo sy omstandighede uit te styg, begin. Hy moes baie harder as ander werk omdat hy geen opleiding gehad het nie. Hy het elke liewe kursus wat hy kon vind, voltooi, en hoewel sommiges nogal moeilik was en hy soms gevoel het dit is heeltemal bo sy vuurmaakplek, het hy deurgedruk.

## VOLGENDE GENERASIE

Tien jaar gelede was dit terug skool toe vir Basil om sy gr. 9 deur die ABET-program te voltooi. "Ek is nog nie waar ek wil wees nie, maar ten minste is ek al 'n paar tree nader," sê dié pa van twee dogters, Heline en Masadie, en 'n seun, Brendon.

Hy is al 41 jaar lank met sy vrou, Pauline, getroud en sy kinders is nou almal volwasse.

Sy oudste dogter Heline werk as 'n belasting-konsultant, terwyl Brendon 'n sweiser is. Masadie is 'n US-alumnus en het haar BA Admin-graad aan die US voltooi, en daarna 'n nagraadse diploma in Insolvensiereg aan die Universiteit van Johannesburg. Een van sy ses kleinkinders is tans 'n BRek-finalejaarstudent aan die US.

Hoewel Basil daarin kon slaag om sy en sy kinders se omstandighede te verbeter, erken

hy dat dit nie altyd maklik was nie en hy dink ook nie ŉ mens moet ooit verwag dat dit sal wees nie. "Niemand van ons kan van die uitdagings van die lewe ontsnap nie; dit is deel van die pakkie. Daarom is dit belangrik om die hoogtepunte in die lewe te geniet en dankbaar te wees vir dit wat jy reeds het."

## TOEKOMS

Basil is by die fakulteit alombekend vir sy behulpsaamheid en sy vermoë om ander te laat lag, ongeag hoe frustrerend ŉ situasie ook al mag wees. Een van die hoogtepunte van sy loopbaan was om uitgenooi te word om in 2014 by die gedenkdiens vir die afgestorwe US-rektor, prof. Russel Botman, te praat.

"Prof. Botman het ŉ oopdeurbeleid gehad en ek het baie tyd spandeer om met hom oor sy posisie te gesels en oor hoe hy alle personeel en studente inklusief by die universiteit kon laat tuisvoel. Prof. Botman was die een rektor in my vyftig jaar diens aan die US wat jou laat voel het dat jy ingesluit is en gehoor word, en wat nie omgegee het oor jou velkleur, jou inkomste of jou kwalifikasies nie. Of jy nou ŉ koshuisskoonmaker of ŉ professor was, hy sou altyd met ŉ glimlag groet en gaan stilstaan om met jou te gesels," voeg Basil by.

Hy sê hy hoop dat sommige van Botman se beginsels sal bly voortleef deur diegene wat hom geken het. "Ek wil in die toekoms ŉ universiteit sien waar vriendelikheid en ware vriendskap gekoester sal word, waar respek verdien en nie outomaties uitgedeel word weens ŉ titel nie, en waar elke werker – ongeag hul sogenaamde rang – vir hul bydrae gerespekteer en waardeer word. Hierdie universiteit behoort aan almal wat hier werk en studeer en selfs aan die gemeenskap rondom ons."

Basil is tans besig om aan ŉ boek oor sy lewensreis te werk. Hy het reeds 73 bladsye geskryf, maar sê hoewel die boek wag om klaargeskryf te word, gaan hy nie gou aftree nie.

"Ek het sover ŉ geseënde lewensreis gehad en die Here het nog altyd ŉ deur vir my oopgemaak wanneer ek dit nodig gehad het. As dit nie sy plan was nie, sou ek nie vandag gehad het wat ek het nie. Maar dit is ook die opofferings wat my ouma en oupa gemaak het en al hul pogings om my met hul beperkte kennis te help, wat my gemaak het wie ek vandag is."



BO: Basil van Wyk in sy kantoor in die 1990's.

HOOFFOTO (bladsy 34): Basil van Wyk het op die baie jong ouderdom van 12 jaar by die Universiteit Stellenbosch begin werk. Op hierdie foto staan hy op die plek waar die verwersskuur was toe hy op 3 Junie 1969 begin werk het.


4K
FUJIFILM
X-T3
The New STANDARD IN MIRRORLESS
X-T3
26.1MP APS-C
X-Trans™ CMOS 4 & X-Processor 4
4K/60P 400MB
1080p at 120 fps
3.69m-Dot Electronic Viewfinder
3" 1.04m-Dot 3-Way Tilt LCD
Touchscreen Operation & Focus Lever
425-Point Intelligent Hybrid AF to entire frame
Wireless communication with Bluetooth®
Extended ISO 80-51200
30 fps Shooting Blackout Free
2 x SD Card Slots UHS-II
16x Film Simulation modes with
Film Grain Effect Function
Weather resistant structure
539g Compact and Lightweight Body
Firmware Ver.3.00
FUJINON ASPHERICAL LENS
FUJIFILM
X
www.FUJIFILMX.co.za
@fujifilm_sa
Fujifilm South Africa

# ONS
# **ALUMNI**

# Ziyanda Stuurman

Ziyanda Stuurman, 'n besoekende Fulbright-beurshouer aan die Heller-skool vir Sosiale Beleid en Bestuur aan die Brandeis-universiteit in Massachusetts, Amerika, erken sy het lank en hard nagedink voordat sy vir so 'n gesogte beurs aansoek gedoen het.

"Hoewel ek bitter graag internasionale ervaring in my politieke studies wou opdoen, was ek huiwerig en onseker."

Sy het egter die moed bymekaar geskraap en terselfdertyd vir nie net één nie, maar twee hoogs mededingende studiebeurse aansoek gedoen: die Fulbright-beurs (vir studie in Amerika) en die Chevening-beurs (vir studie in die Verenigde Koninkryk).

"Ek het besluit om op een slag vir albei beurse aansoek te doen en was ontsettend gelukkig om vir albei gekies te word!"

Nadat sy vir 'n jaar lank as Chevening-beurshouer aan die Universiteit van Sussex in Engeland gestudeer het om 'n meestersgraad in Konflik, Sekuriteit en Ontwikkeling te behaal, het Ziyanda in 2018 na Amerika verhuis om 'n tweede meestersgraad te begin as 'n Besoekende Fulbright-beurshouer, dié keer in Volhoubare Internasionale Ontwikkeling.

Ziyanda, wat haar passie vir politiek en openbare beleid ontwikkel het tydens haar BA- en honneursstudies in Politieke Wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch (US), sê die universiteit het 'n belangrike rol gespeel in die lê van 'n stewige fondasie vir haar loopbaan.

"My studies op Stellenbosch het werklik my professionele loopbaan gevorm. Ek het besprekings buite my klasse bygewoon, betrokke geraak by studenteleierskap en is geïnspireer deur die loopbane van sommige van my dosente.

"Dit het als gelei tot my besluit om deel te wees van die politieke en openbare beleidsfeer."

In 2013 is sy vereer vir haar sterk leiersrol aan die US toe sy die Rektorstoekenning vir Uitmuntende Prestasie in Leierskap ontvang het.

"Ek was Primaria van my koshuis (Huis Erica), het twee ampstermyne op die Studenteraad gedien, en het ook 'n jaar lank as studenteverteenwoordiger op die Universiteitsraad gedien. Ek is gelukkig om vandag nog steeds as raadslid te dien, ná my aanstelling in 2017 deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding. Ek sien dit as 'n voortsetting van my behoefte om my portuurgroep te dien en ander te help; dié keer net op 'n ander manier en op 'n hoër vlak."

*– Deur Birgit Ottermann*

*Foto* JONATHAN FERREIRA





# *Helmut Meijer*

**D**ie bekroonde Suid-Afrikaanse musiekvervaardiger Helmut Meijer het sy besonderse talent vir musiek en tegnologie verbasend laat in sy lewe ontdek. Al was dit duidelik dat hy musiek in sy gene het, met 'n pa en ma wat onderskeidelik 'n konsertorrelis en konsertpianis was, het hy eers lus gekry om 'n musiekinstrument te leer speel toe hy 17 jaar oud was.

Hy het ook eers musiek as loopbaan oorweeg nadat hy sy BSc-graad aan die Universiteit Stellenbosch (US) voltooi het.

"Tydens my kinderjare op Oudtshoorn was ek altyd deur musiek omring, maar dit is nooit op my afgeforseer nie. Toe ek uiteindelik op 17-jarige ouderdom begin klavierlesse neem, het ek sommer vinnig gevorder. Maar ek het nog steeds besluit om eerder vir 'n BSc-graad by Maties te studeer."

Dit was egter sy tyd by die US wat sy lot beslis het. "Ek het die wonderlike Konservatorium en sy oefenkamers ontdek waar musiekstudente ure lank kon oefen. Ek het elke geleentheid wat ek kon kry, gebruik om 'n onbesette oefenkamer te vind sodat ek klavier kon speel om my eie vaardighede te verbeter," lag hy.

Helmut se talent en belangstelling in musiek het spoedig ook die aandag van die musiekpersoneel begin trek.

"Tydens die derdejaar van my BSc-graad het ek 'n gesprek gehad met prof. Ria Smit, 'n musiekdosent, wat my vertel het van 'n splinternuwe meestersgraad in musiektegnologie wat hulle beplan het om die volgende jaar te begin aanbied."

Die resultaat was dat Helmut deel geword het van die eerste inname van studente vir die MPhil in Musiektegnologie aan die US in 2001. "Dit was 'n ongelooflike tyd. Die Konservatorium het befondsing ontvang vir 'n fantastiese opname-ateljee en ek het die vryheid gehad om al die moderne toerusting te gebruik. Ek was soos 'n kind in 'n lekkergoedwinkel!"

Nadat hy sy MPhil in Musiektegnologie (cum laude) verwerf het, het hy sy eie maatskappy, Helmut Meijer Music, gestig, en in 2015 saam met mede-musiekvervaardiger en liedjieskrywer Lukas de Beer 'n boetiek-platemaatskappy genaamd StoneBear & Mayor gestig, wat op die ontwikkeling van plaaslike talent vir die internasionale mark fokus.

*– Deur Birgit Ottermann*

*Foto* WIL PUNT / PEARTREE PHOTOGRAPHY

# Nicky Newton-King

Nicky Newton-King, die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika se Uitvoerende Hoof, beskryf haar pad na sukses asof dit 'n relatief eenvoudige reis was: 'n kwessie van vasberadenheid en haar eie duidelike besef van die rigting wat haar loopbaan sou inslaan.

"Vandat ek vier jaar oud was, het ek al geweet ek gaan 'n prokureur word," sê sy. Haar pa, self 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch (US), was 'n prokureur. Nicky het in sy voetspore gevolg en 'n LLB-graad behaal, waarna sy 'n meestersgraad aan die Universiteit van Cambridge verwerf het.

Die volgende stap sou haar familiegeskiedenis voortsit en die rigting van haar toekomstige loopbaan aandui.

"Ek het by Webber Wentzel in Johannesburg aangesluit – die regsfirma waar my pa ook 'n vennoot was. Dit was my eerste werk en die vennoot vir wie ek gewerk het, was die eksterne regsadviseur vir die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika. So, op my eerste dag as 'n professionele persoon was die JSE my heel eerste kliënt."

Kort voor lank het sy 'n vennoot by Webber Wentzel se finansiëlediensteeenheid geword en daarna aangesluit by die JSE, waar sy 'n leidende rol in die modernisering van Suid-Afrika se finansiële markte gespeel het.

In 2012 het sy die uitvoerende hoof van die JSE geword.

Die kwessie van die bevordering van vroue se rol in besigheid, en in die samelewing in die algemeen, is vir Nicky van spesiale belang. "Hoewel ons vordering met die aantal vroue in senior sakerolle en in die samelewing gemaak het, is ons nog glad nie naby die punt waar ons behoort te wees nie. Jonger vroue benodig selfvertroue en rolmodelle om hulle te help besef wat moontlik is."

Studie aan die US is nog 'n familietradisie. Net soos wat sy in haar pa se voetspore gevolg het, volg haar twee kinders nou in hare. Een studeer reeds op Stellenbosch en die ander volg binnekort.

Op haar beurt onthou Nicky 'n aantal uitstekende professore wat volgens haar " 'n liefde vir hul dissipline en 'n nougesetheid van denke en benadering by ons ingeskerp het". Nicky onthou ook haar klasse in die Ou Hoofgebou en kan selfs van prof. Sampie Terreblanche se meer unieke frases aanhaal wanneer die geleentheid hom voordoen.

*– Deur Mark Paterson*







# Suta Kavari

Die Namibiër Suta Kavari se loopbaan het die laaste paar jaar ná sy studies aan die Universiteit Stellenbosch (US) ŉ evolusie ondergaan. Hy is opgelei as ekonoom, met ŉ sterk belangstelling in die politieke ekonomie van ontwikkeling. Ná sy voorgraadse studies in ekonomie aan die Noordwes-universiteit in Potchefstroom in 2011, het hy vier jaar lank in die privaatsektor gewerk – eers as ŉ risiko-ontleder en daarna as ŉ beleggingstrateeg.

In 2016 het hy vir ŉ wyle vrywilligerswerk in Libanon gedoen vir maatskaplike innoveringsprojekte, pasgemaak vir Siriese en Palestynse vlugtelinge. Met sy terugkeer na Namibië in 2017 het hy by die staatsdiens as spesiale assistent van die minister in die nasionale beplanningskommissie aangesluit. Hier was hy deel van die kernwerkgroep wat Namibië se Nasionale Ontwikkelingsplan moes opstel.

Suta het in Desember 2018 sy Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling aan die US voltooi. Hy sê sy tyd hier, en veral by die US se Volhoubaarheidsinstituut, was van die vormendste ervarings van sy lewe.

"Die US het ruimte geskep om denke te ontlok en was ŉ plek waar ek my intellektuele krag kon verken. My studies aan die US het ontsaglike geleenthede gebied vir omgang met fakulteitsinsigte en navorsing uit ŉ wye spektrum perspektiewe."

Hy was gelukkig om tydens sy studies ŉ deeltydse dosent by die Skool vir Publieke Leierskap te wees. Dit is ook aan die US waar Suta die groot voorreg gehad het om saam met die voormalige openbare beskermer, prof. Thuli Madonsela, wat die Regsfakulteittrust-leerstoel in Maatskaplike Geregtigheid beklee, aan haar ambisieuse "Mosa"-plan vir maatskaplike geregtigheid te werk.

Tans studeer Suta openbare beleid aan die Universiteit van Oxford.

Die meeste van die werk waarby hy betrokke was, spruit uit ŉ baie sterk begeerte om tot positiewe maatskaplike verandering by te dra, en om behoeftiges en diegene wat agtergelaat is, op te hef.

"Ek sien my werk in die formulering van beleid as denk-eksperimente in hoe om opnuut oor gelykheid te dink. Dit stel my in staat om dieper om te gaan met gemeenskappe en help my om die lot van so baie mense beter te verstaan, en dít stel my weer in staat om aan die groter maatskaplike beswil te dink," sê Suta.

*– Deur Elbie Els*

# Zoë Brown

Vir Zoë Brown is die onderbou van die glans van ŉ ontluikende loopbaan as ŉ TV-aanbieder en radio-omroeper doelgerigte vasberadenheid en die onwrikbare oortuiging dat sy op die een of ander manier iets buitengewoon kon regkry.

Haar ouers het druk op haar uitgeoefen om ŉ "regte" werk, soos hulle dit genoem het, te kry nadat sy aan die einde van 2014 aan die Universiteit Stellenbosch (US) gegradueer het, en sy het haar toe ses maande gegun om ŉ plek in die uitsaaiwese oop te woel.

Maar toe sy ŉ toonaangewende talent-agentskap in Kaapstad genader het, het hulle vir haar gesê dit gaan onmoontlik wees om dit in daardie tyd reg te kry. "Hulle het vir my gesê ek moet myself twee jaar gun om dit te laat gebeur," vertel Zoë.

Sy het haar egter nie laat afskrik nie, vir SABC3 se soektog na ŉ nuwe aanbieder ingeskryf en as wenner uit die uitmergelende uitgesaaide soektog getree. Ses maande later, in pas met haar skedule, het Zoë by die span van die *Expresso Breakfast Show* by die nasionale uitsaaier aangesluit.

"Dit is belangrik om in jou eie doelwitte te glo, ongeag wat langs die pad gesê word," meen Zoë.

Benewens haar televisieverskyning soggens, saai Zoë ook smiddae saam met Carl Wastie op die radiostasie KFM uit.

Boonop doen hierdie voormalige tiener-skoonheidskoningin ook modelwerk.

Sake wat Zoë na aan die hart lê, is haar rol as ŉ ambassadeur vir WWF Suid-Afrika waar sy die gebruik van papier- eerder as plastiekstrooitjies aanmoedig.

Sy verteenwoordig ook die Children's Hospital Trust en die Sonneblom-fonds, waar sy ook as beenmurgskenker geregistreer is.


As sy terugkyk op haar tyd aan die US, sê Zoë dit het haar die geleentheid gebied om van die deurgetrapte paadjie af te wyk.

"Daar is tye wat ek voel ek het toevallig op my loopbaanpad beland, maar in werklikheid wou ek keer dat ek ŉ 9-5-werk in ŉ kantoor doen.

"My mantra tydens my universiteitsjare was deurgaans: 'Berei jou voor op iets wat nog nie bestaan nie'."

*– Deur Mark Paterson*








# DISCOVER awesome venues to hire at the University Museum





If you have reason **to celebrate, to meet, to launch or simply to get together in stunning surroundings**, the perfect venue is waiting to welcome you and your guests – at the University Museum.

Each of our five flexible spaces offers an affordable, high-character alternative to other commercial offerings in and around Stellenbosch.

The historic front foyer with its double-volume ceiling and dramatic woodwork accommodates 150 guests in comfort and style. It is the ideal function room for a book launch, new product release or important media briefing. Seating can be arranged to suit the function and number of guests.

The Lecture Theatre seats 40 attendees in classic lecture room style, with fixed desks and upright chairs, a podium, a lectern, a retractable projection screen and a data projector. The room is wired for stereo sound and cable microphone at the lectern. Internet is also available for clients from within the university. The Museum Courtyard is a novel venue idea. Perfect for al fresco functions such as a cocktail event, a traditional braai or a wine tasting. Can host up to 200 guests.

The back Foyer is a functional, elongated space, highly recommended as a food preparation space or serving area for functions taking place in one of the other venues. It could also be put to great use as a mini-exhibition room.

All of the venues offer a choice of audio-visual equipment, tables, chairs, podium and sound. The University Museum does not offer catering but recommends catering companies contracted to the University.

## Turn your next event into an historic occasion at the University Museum.

Call us at 021 808 3695 or email usmuseum@sun.ac.za to find out more about venues on offer.

UNIVERSITEITSMUSEUM
IMYUZIYAM YEYUNIVESITHI
UNIVERSITY MUSEUM

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# KAMPUSLEWE



# ’N LEWE OP DIE VERHOOG

*Dramastudente kry gereeld kans om hul akteursvernuf op die verhoog te slyp. Beleef die skeppingsproses – van klank en kostuums tot repetisies en die groot openingsaand – in beeld.*

***Woorde*** HERSCHELLE BENJAMIN
***Foto’s*** STEFAN ELS



Sedert die nuut opgeknapte Adam Small-teaterkompleks se deure 'n jaar gelede geopen het, het die Universiteit Stellenbosch se Dramadepartement weer 'n tuiste gekry waarin dosente en studente kan skep en speel.

Vanjaar kon die studente in vier teaterproduksies hul akteursvernuf slyp, waaronder *(Fr)agility* en *The Horror of Permanence*, twee fisieke-teaterproduksies wat in September op die planke gebring is.

Dié twee stukke is saam in een vertoning van 80 minute lank aangebied vir die studentegemeenskap en publiek. Albei stukke het 11 studente betrek wat onder leiding van dosent-choreograwe Estelle Olivier en Anél Joubert opgetree het. Tegniese versorging – van beligting tot klank – is ook deur studente behartig wat tans om 'n dramagraad in die tegniese aspekte van teater studeer.

## IMPROVISASIES

Estelle, die choreograaf van *(Fr)agility*, het met studente dieper gekyk na die mensdom se weerloosheid in ons huidige tydvak. Sy het haar veral toegespits om improvisasies te gebruik waaruit studente kon skep, ondersoek en byvoeg.

"Dit was belangrik dat studente uit hulself uitdrukkings in hul liggame kon vind rondom die tema van weerloosheid, en dit dan in die vertoning weergee," sê Estelle, wat met die tema vorendag gekom het en toe 'n proses begin het wat sy as "maklik en aangenaam" beskryf.

Vir Anél, die choreograaf van *The Horror of Permanence*, was die beplanningsproses soortgelyk, maar ook anders in die sin dat sy eers leesstof van die Tsjeggies-gebore skrywer Milan Kundera gelees het, asook musiek geluister het, voordat sy by 'n konsep kon uitkom. Sy noem dat Kundera se werke veral handel oor verhoudings wat meestal ingewikkeld is maar wat 'n spieël rig op die groter gesprekke oor die lewe.

"As iets in die lewe net een keer gebeur, is dit tog so lig en waardeloos, maar ook as jy dit nét een keer kan doen, dan het dit tog groot waarde," verduidelik Anél.

Tog was haar fokus op verhoudings en die dele van die lewe wat vlietend is, maar ook so baie gewig dra. Sy het eers later in die proses studente oor haar konsep ingelig, sodat hulle eers vooraf kon improviseer rondom mense se fisieke en emosionele weerloosheid in die alledaagse lewe.

Meeste van Estelle en Anél se prosesse met hul studente – van eerstejaars tot finalejaarstudente – het in die Dramadepartement se bewegingslokaal plaasgevind, en eers nadat die geselskappe in die Adam Small-teaterkompleks se laboratorium begin repeteer het, kon die tegniese span (ook studente) hulself op die beligting, kostuums, rekwisiete en dekor begin toespits.

## TEATER-ERVARING

Estelle en Anél sê dat die skeppingsproses en die opleidingsproses as integrale dele van die produksies beskou word sodat studente 'n professionaliteit kan kweek wat hulle verder in hul loopbane kan gebruik.

Oor die Adam Small-laboratorium as hul gekose speelvlak was Estelle en Anél gaande, omdat hierdie ruimte 'n intimiteit bied vir die toneelspelers, asook gehoorlede. "Die ruimte het ook vele opsies vir die opstel van stoele en die verhoogarea. En dit verskil ook baie van die bewegingslokaal in die departement," sê Estelle.

Anél voeg by: "Jy kan dus na enige kant toe toneel speel. En dit was vir my en Estelle belangrik om te kies watter stuk eerste opgevoer sal word sodat ons die spasie ten volle kon gebruik en 'n teaterervaring skep wat genoegsaam en luisterryk is."

Die Adam Small-laboratorium bied vir hulle 'n innoverende spasie vir meer alternatiewe werke waarin hul kreatiwiteit ten volle vrye teuels kan kry, terwyl studente 'n smakie kry van 'n lewe op die verhoog.

## *Meer oor* DIE PRODUKSIES

***(Fr)agility*** **en** ***The Horror of Permanence*** **is van 17 tot 21 September in die Adam Small-teaterkompleks opgevoer. Die rolverdeling het bestaan uit Wyatt Afrika, Helena Baard, Jodi Beebee, Shamim Gallie, Meggan Johnstone, Abigail Jonkers, Kristen Schouw, Alberto Smit, Kayla van der Merwe en Jacorie Viljoen. Die tegniese aspekte is behartig onder leiding van Nick Myburgh, Elana-Marie Snyman en Elrina Marais.**





BO: Estelle Olivier, dosent en choreograaf van *(Fr)agility* demonstreer aan Wyatt Afrika, 'n derdejaar-dramastudent, 'n tegniek om op die verhoog op te hardloop. Regs agter neem Abigail Jonkers, 'n tweedejaarstudent, ook die demonstrasie waar.

LINKS: Anél Joubert, dosent en choreograaf van *The Horror of Permanence*, gee terugvoer aan die rolverdeling tydens 'n repetisie in die Adam Small-laboratoruim.

REGS: Caitlin Caine, 'n tweedejaarstudent wat die beligting ontwerp en beheer het, besig om die beligtingstel op die verhoog op te stel.

ONDER: Caitlin Caine (links) was verantwoordelik vir die beligting, terwyl Lulu Kieser die klank behartig het.









BO: Die kostuumspan doen die finale afrondingswerk aan die kostuums. Links is Gustav Theron, 'n tweedejaarstudent, en regs voor is Salene Bekker, 'n tweedejaarstudent, met Alexander Brits, 'n derdejaarstudent, regs agter.

LINKS: Ermin van der Merwe, 'n eerstejaarstudent, besig met verstellings aan van die kostuums.

ONDER: Tweedejaarstudent Jacorie Vijoen in die kleedkamer besig om haar grimering te doen vir die groot openingsaand.





BO: Die rolverdeling van *(Fr)agility* stap op pad vanaf die kleedkamers na die teater vir die uitvoering en deel 'n oomblik van humor voordat hulle op die verhoog gaan.



BO: Derdejaarstudent Wyatt Afrika (links) in 'n toneel uit *(Fr)agility* saam met Alberto Smit en Jacorie Viljoen (tweedejaarstudente) wat agter sit en Shamim Gallie (tweedejaarstudent) wat regs staan.

ONDER: 'n Toneel genaamd "Life Knocks" uit *The Horror of Permanence* met (in die voorgrond) Kirsten Schouw, Melissa Myburgh en Jodie Beebee.





# OOR DIE WENSTREEP

*Die Maties- Paralimpiese atleet Anruné Weyers is op 'n goeie plek as mens én as atleet, vertel sy ná haar onlangse wêreldrekord-sege.*

***Woorde*** PIA NÄNNY
***Foto*** STEFAN ELS

Toe die Paralimpiese atleet Anruné Weyers (27) vanjaar die afkorting WR langs haar naam op die wêreldranglys vir die 400 m (T46/T47) sien, het sy onwillekeurig gedink: "Wow, wat 'n reis was dit nie!" Kort daarna het sy in Doebai by die Wêreld Para-atletiekkampioenskappe persoonlike beste tye opgestel in die 200 m (silwer) en 100 m (brons), asook 'n kampioenskaprekord in die 400 m (goud).

'n Terugblik op haar atletiektydlyn vanaf haar aankoms op Stellenbosch in 2011 tot nou vertel iets van haar menswees, haar geloofsreis, die uitdagings wat sy moes oorkom en die mense wat in haar droom as atleet belê het.

Hoewel dit vir haar belangrik is om nederig te bly oor hierdie prestasie, weet sy ook dat dit 'n uitsonderlike mylpaal in haar atletiekloopbaan is – een wat sy kan vier saam met haar geliefdes, afrigter en oefenmaats. "Ek het nog altyd 'n passie gehad vir hardloop – dit was waar ek selfvertroue gekry het. Elke keer as ek hardloop, voel ek ek sê dankie vir die geskenk wat God vir my gegee het."

Anruné, wat weens 'n aangebore arm-amputasie net een hand het, het op skool aan die 400 m, 800 m en 1 500 m deelgeneem. In haar matriekjaar in 2010 het sy op dieselfde naweek aan die SA Skolebyeenkoms, waar sy 'n silwermedalje in die 800 m gewen het, en haar eerste nasionale kampioenskapsbyeenkoms vir mense met fisieke gestremdhede deelgeneem. Sy moes egter haar items na die 100 m, 200 m en 400 m toe verander aangesien dit al was wat in haar klas beskikbaar is.

In 2011 het Anruné vir 'n onderwysgraad aan die Universiteit Stellenbosch (US) geregistreer en onmiddellik by dr. Suzanne Ferreira se oefengroep aangesluit, waar sy saam met ander Paralimpiese sterre soos Ilse Hayes, Arnu Fourie en Fanie van der Merwe geoefen het.

## BEVOORREG

In hierdie tyd het sy as studente-atleet gebaat by Maties Sport se Hoëprestasieprogram (HP-program) en toegang gehad tot al die kennis, dienste en tegnologiese steun wat deur Maties Sport se HP-eenheid gebied word.

"Die belegging wat Maties Sport se HP-program in my gemaak het, het 'n groot aandeel in my uitslae op die oomblik. Ek was bevoorreg om deel daarvan te kon wees en ek is steeds trots om in my Matie-klere deel te neem," sê sy. Sy is steeds 'n lid van die Maties Parasport-klub.

In 2012 het sy 'n silwermedalje in die 400 m en 'n bronsmedalje in die 200 m by die Paralimpiese Spele in Londen gewen, en in 2016 het sy nog 'n silwermedalje in die 400 m by die Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro gewen.

Anruné het in 2017 as onderwyser by die I-Learn Developmental Centre in Durbanville aangesluit en is later die jaar met Stefan Weyers, 'n meganiese ingenieur, getroud.

Die jong egpaar het verlede jaar ná die SA Sporttoekenningsgeleentheid, waar Anruné as sportvrou van die jaar met 'n gestremdheid aangewys is, besluit dat sy haar tot en met die Paralimpiese Spele in Tokio 2020 voltyds op atletiek gaan toespits.

Dié besluit het vrugte afgewerp. As deel van haar voorbereiding is Anruné in Augustus vanjaar saam met haar afrigter, Ferreira, en mede-atlete Charl du Toit en Dyan Buis na Europa vir 'n oefentoer. "Ons het 12 wedlope in 17 dae gehardloop," sê sy.

"Die idee was om wedloopervaring op te doen en dit waaraan ons gewerk het in elke item toe te pas. Ek was opgewonde om aan hierdie byeenkomste deel te neem, want my liggaam het goed gevoel."

Anruné het by byeenkomste in Leuven, Oordegem en Brussel in België persoonlike beste tye in al drie haar items (100 m, 200 m en 400 m) behaal, asook Afrika-rekords in die 100 m en 200 m behaal. "Dit was die eerste keer in 'n lang tyd dat ek weer persoonlike beste tye gehardloop het," sê sy.

## WÊRELDREKORD

Toe sy op 24 Augustus by die baan in Huizingen aangekom het, was haar plan net om voort te bou op haar goeie uitslae by die vorige drie byeenkomste. Maar toe sy die wenstreep oorsteek, het hoendervel haar lyf oortrek.

"Ek het nog nie geweet dat ek die wêreldrekord gehardloop het nie, maar die gevoel wat ek ná die wedloop ervaar het, was *amazing*. Ek het opnuut besef waarom ek hardloop – vir hierdie gevoel van hoendervel-lekkerte wat God my gee."

Sy kon dit skaars glo toe Charl en Dyan na haar toe aangehardloop kom en haar vertel dat sy sopas die wêreldrekord verbeter het. "Ek kon nie wag om my man en ouers te vertel nie. Ek was baie emosioneel en oorweldig deur my hele oorsese reis – dis *crazy* uit 'n prestasie-

uitkomsoogpunt dat 'n mens soveel persoonlike bestes en Afrika-rekords in só 'n kort tyd hardloop.

Nou gaan sy haar visier op Tokio 2020 stel. "Dit behoort my laaste Paralimpiese Spele te wees," sê sy.

Daarna hoop sy om na die onderwys terug te keer. Sy sien haarself nie as 'n sportafrigter nie, maar eerder as iemand wat dit vir jong kinders lekker maak om te oefen sodat hulle gesond kan wees. Intussen is sy baie dankbaar om die afkorting WR langs haar naam te sien.

"Dis nie maklik nie – dit verg baie werk en baie vasberadenheid. As iemand anders weer die rekord breek, sal ek weet hoe hard sy gewerk het daarvoor."

Anruné glo dis belangrik om mekaar se prestasies te kan vier. "Dit wys jy is op 'n goeie plek as mens en as atleet," sê sy.

Hoewel sy glo sy is in staat om nóg beter te vaar, is haar grootste doelwit vanjaar om haar atletiek te geniet en elke oomblik te besef hoe bevoorreg sy is om haarself 100% daarop te kan toespits.

"Sport beteken vir my ongelooflik baie. Ek het gegroei as mens, ek het gegroei in my geloof. My oefengroep het vir my die waarde van kameraadskap geleer. Dis goed wat geld nie kan koop nie."

## *Meer oor* MATIES ATLETIEK SE PRESTASIES




**• Maties Atletiek se Gardeo Isaacs (foto links) het in Julie die 400 m in 45.89 sekondes gehardloop om 'n bronsmedalje te wen by die Wêreldstudentespele in Italië. Hy het ook 'n silwermedalje gewen as 'n lid van Suid-Afrika se 4x400 m-aflosspan. Gardeo het 'n uitstekende seisoen beleef en is onder meer as die senior SA én SA universiteitekampioen in die 400 m gekroon.**

**• Die hoogspringer Breyten Poole, 'n eerstejaarstudent aan die Universiteit Stellenbosch, het in Augustus 'n bronsmedalje by die Afrika-spele verower met 'n hoogte van 2,15 m. Die kompetisie is deur sy mede-Suid-Afrikaner, Mpho Links, gewen met 'n hoogte van 2,20 m. Poole het Suid-Afrika ook by die Wêreldstudentespele verteenwoordig, waar hy die jongste deelnemer in die hoogspringkompetisie was. Hy het vierde geëindig.**

# VIR DIE BOEKRAK

*Van 'n ongewone biblioteek tot boeke oor die dorp Philippolis, 'n oorlog en 'n konsert in die Laeveld – hier is 'n paar boeke om te lees.*

***Woorde*** FRIEDA LE ROUX

Etienne van Heerden se jongste boek, *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*, word as tergend beskryf. Hy beantwoord 'n paar vrae:

**Jou boek rus swaar op ons onseker wêreld. Is daar dan nog plek vir iets so solied, oud en staties soos 'n biblioteek?**

In die boek is die biblioteek iets heeltemal anders as 'n gewone biblioteek. Die karakters word ingesuig in 'n wêreld waar gesigsherkenning in die besonder, en kunsmatige intelligensie in die breë, splinternuwe probleme skep rondom identiteit. Waar word al die data oor ons geberg? Hierdie data is mos die nuwe olie. En wie is die nuwe koloniseerders wat in besit van hierdie biblioteek vol data is? Die boek kyk daarna terwyl (en dis die tweede deel van die storie, en die tweede been van die "biblioteek") studentebewegings amok maak oor identiteit en dekolonisering. En dis hier waar 'n ánder biblioteek ter sprake kom, in hierdie deel van die storie...

**Jy meng kampusgeweld met kruisboogmoorde met nuwe tegnologie. Vertel van die oomblik toe jy besef het jy moet nou gaan sit en begin skryf.**

My bergfiets het my in Jonkershoek afgegooi en my ribbekas is beseer. Op my rug in die bed en met kodeïenpille vir pyn het ek droomvisioene van die biblioteek aan die einde van die wêreld begin sien. Ek het van hierdie vlugte op Facebook gepos en toe ek daarna een aand op Shanghai se Bund voor 'n bruid in 'n bloedrooi, wapperende syrok staan, het die plot my te binne geskiet.





**Dink jy jou skryflus sal ooit opraak?**

In die fase tussen laaste bladsyproewe en die verskyning van die boek voel 'n skrywer of hy sit in die spreekwoordelike Last Chance Saloon met sy boek as loopdop. Kom ons kyk maar of daar ná hierdie meer as 600 bladsye 'n fontein van sêmaarso in my oorbly... tans voel ek daar's nie eers 'n tjiértsie oor nie...

**Is Stellenbosch werklik die paradys wat oudstudente hul kinders wil wysmaak?**

In 'n vorige roman het ek Stellenbosch, met ironie, "Pleasantville" genoem. Hierdie nuwe boek is 'n "eerste weergawe van die geskiedenis". Van Fees Must Fall en Afrikaans Must Fall wat kampusse geskud het, verby China se geheimsinnige Instituut vir Aanmoediging tot by sosiale media-verontwaardiging en deugtwiets en die rol van die nuwe koloniste, naamlik die besitters van data. Dekolonisering in meer as een sin, dus. Lees maar oor die bekende Stellenbosse restaurant Decameron, waar die Goue Das (van Chinese spinnekopsy) sy groot projek met saadkapitaal van ons-weet-mos-almal-waar sit en verkoop...





## PHILIPPOLIS

### *Deur Jens Friis*

Die historikus-skrywer Karel Schoeman het eens die dorpie Philippolis die "Vrystaatse Stellenbosch" gedoop. Naas Graaff-Reinet, Cradock en Beaufort-Wes is dit die oudste dorp in die Karoo, met genoeg witgekalkte mure, bome en erfenisgroendakke om die warmste somersmiddag stil te maak. Adv. Jens Friss, wat in Johannesburg woon, het in dié klein Suid-Vrystaatse dorpie grootgeword – trouens, sy pa besit steeds een van die gastehuise daar. Hierdie boek vertel van die dorp se storie oor eeue, toe eers Boesmans, later Griekwas en toe Trekboere by die dorp se twee fonteine hul dors geles het.

*Uitgegee deur die skrywer by jejofr@hotmail.com, R350*




## DIE ONTELBARE 48

### *Deur Wessel Pretorius*

Getroue teatergangers het sekerlik al met dié treffende eenmanstuk deur die Fiësta-pryswenner Wessel Pretorius kennis gemaak. Dis Woensdagaand op 'n klein plattelandse dorpie in die Laeveld en die skoolsaal word ingerig vir die maandelikse fliekaand. Agt-en-veertig dorpenaars hou 'n vergadering, elkeen met sy eie storie, om *The Sound of Music* te kyk. Tussen hulle sit 'n moordenaar wat in hul midde die tipe verskrikking gaan loslaat wat selfs Suid-Afrikaners net van die TV-nuus af ken. Wessel se styl – jy lag nog, dan tref die eerste koeël jou – het 'n manier om 'n mens te oorrompel en te laat dink oor hoe breekbaar alles om jou is.

*Protea, R180*




## GRENSGEVAL

### *Deur Marita van der Vyver*

Die brief wat Theresa tussen haar eksman Theo se besittings ná sy dood ontdek, skeur haar lewe oop. Jare lank het sy haar rug op Theo gedraai, 'n man wat sy laaste twee dekades in 'n inrigting moes deurbring. Só ook het sy die land se verlede weggestoot, die tyd toe tienerseuns gestuur is om aan die grens te veg – 'n plek en 'n oorlog waarvan mense tuis bitter min geweet het. Theresa besef gou die brief is deur 'n Kubaanse soldaat aan sy kind geskryf – iemand wat, indien hy of sy nog leef, nou minstens veertig jaar oud sal wees. Theresa weet in haar siel sy moet Kuba toe: om die soldaat se kind te soek, om die brief te besorg, om boete te doen vir Theo se dade en vir haar eie onkunde.

*Penguin, R280*

# MATIES CONNECT

## Word deel van ons wêreldwye alumni-netwerk

### ▫ BOU BANDE

Bou kontakte deur die Universiteit Stellenbosch se wêreldwye gemeenskap. Spoor klasgenote op en deel jou herinneringe, kyk wat hulle tot dusver gedoen het en bly in aanraking.

### ▫ PLOEG TERUG

Stel bekend, mentor, neem in diens en bied werkservaring aan mede-Maties en studente in hulle finale jaar.

### ▫ BREI UIT

Vergroot jou professionele netwerk, ontmoet invloedryke mense en bevorder jou loopbaan.







**Sluit nou aan!**

Registreer in minder as twee minute deur jou bestaande LinkedIn- of Facebook-profiel of e-posrekening te gebruik.

www.matiesconnect.com

ALUMNI
UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018

# RAAK
# **BETROKKE**

# ’N DROOM WORD WAAR

*’n Beursfonds het die mediese student Khutso Masemola gehelp om die eerste tree te neem om haar droom te verwesenlik om eendag ’n openbare hospitaal te bou.*

***Woorde*** SONIKA LAMPRECHT
***Foto*** STEFAN ELS


UNIVERSITEIT · STELLENBOSCH · UNIV

Sy het ʼn groot droom, sê Khutso Masemola, ʼn tweedejaar mediese student aan die Universiteit Stellenbosch (US): om ʼn groot, openbare hospitaal op haar tuisdorp, Ga-Masemola in Limpopo, te bou om broodnodige gesondheidsorg aan die inwoners van die talle landelike nedersettings in die gebied te bied. Eendag …

Hierdie droom mag dalk net eendag bewaarheid word, danksy die Gus Molenaar-beursfonds wat Khutso gehelp het om die eerste tree te neem om haar droom te verwesenlik. "Dit was reeds ʼn droom wat bewaarheid is om universiteit toe te kom," sê sy.

Khutso is een van ses kinders en het in ʼn "Godvresende Christen-gesin, gewortel in die beginsels van menslikheid en gehoorsaamheid" grootgeword. Ná haar ma se dood toe sy net tien jaar oud was, moes van haar sibbe by haar grootouers en familie gaan woon, terwyl sy en haar jonger boetie by haar pa gebly het.

"Dit was op vele vlakke ʼn uitdaging om uit ʼn landelike gebied te kom, maar deur hierdie beursfonds het ek al hierdie struikelblokke oorkom en my lewe het ten goede verander. Hierdie beurs het my daarvan gered om honger te gaan slaap, en het vir my ʼn blyplek en die hulpmiddele wat ek vir my studies benodig, verseker," sê Khutso.

En dit is presies wat Margie Molenaar in gedagte gehad het toe sy en ʼn vriend van haar oorlede man, Gus Molenaar, ʼn ingenieur, die US se Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge (OAB) genader het met die idee om ʼn beursfonds te stig. "Ek wou iets eervols ter nagedagtenis aan my man doen."

## BEÏNDRUK

Die beursfonds bied finansiële ondersteuning aan verdienstelike vrouestudente in die Fakulteite Ingenieurswese en Natuurwetenskappe. Khutso was een van die moontlike kandidate wat vir die beurs geïdentifiseer is.

"Ek was baie beïndruk met Khutso. Ondanks haar moeilike omstandighede het sy daarin geslaag om goed op skool en universiteit te vaar. Sy hoop om terug te gaan na haar tuisdorp om die talle mense wat met diabetes en hoëbloeddruk worstel, te help."

Khutso het in gr. 11 by ʼn loopbaan-uitstalling by haar skool van die US te hore gekom. Sy wou graag meer weet oor die Universiteit en "het verlief geraak op die US".

"Dit is die beste universiteit wat ek ooit kon gekies het, onder meer danksy die ondersteuningstrukture wat in elke fakulteit bestaan, veral vir studente soos ek wat ver van die huis af is. Dit skep ʼn omgewing wat ons ons huis kan noem en waar ons geliefd voel.

"Vanjaar was een van die langste, moeilikste maar interessantste jare ooit. Ek het baie oor myself, my vermoëns en sterkpunte geleer, en die belangrikste les was om nie tou op te gooi wanneer dinge broekskeur gaan nie.

"Ek hoop ek kan as inspirasie dien vir ander jong vroue wat dokters wil word om mense te help. Ek sien myself as een van die dokters wat ʼn geneesmiddel vir diabetes sal vind," sê sy.

## BELEGGING

Karen Bruns, Senior Direkteur by OAB, sê sy glo heelhartig daarin dat onderrig die beste belegging vir die toekoms is.

"Baie dankie aan Margie Molenaar vir haar besluit om ʼn vennootskap met die US aan te gaan om ter nagedagtenis aan haar man behoeftige studente te help. Dit is wonderlik om te sien hoe so ʼn belegging potensiaal kan ontsluit. In hierdie geval het dit Khutso in staat gestel om die doelwitte wat sy vir haarself gestel het, te bereik."

Karen glo die volgehou vennootskap tussen die Universiteit en donateurs verwesenlik nie net studente se drome van hoër opleiding nie, maar dit stel die US ook in staat om aan sy mandaat te voldoen om goedopgeleide gegradueerdes te lewer, om nuwe kennis te produseer en ʼn positiewe uitwerking op ons samelewing te hê.

## *Meer oor* SKENKINGS

Jy kan die volgende generasie studente help om suksesvol te wees deur ʼn skenking aan jou alma mater te maak – per tjek, direkte deposito, kredietkaart, debietorder, elektroniese oordrag (EFT) of aanlyn. Kontak gerus die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge vir verdere inligting oor die projekte wat jy kan ondersteun. Skakel +27 (0)21 808 4020 of stuur ʼn e-pos na ontwikkeling@sun.ac.za.

# HOE OM **TE GEE**

*Daar is verskeie maniere waarop jy 'n bydrae kan maak tot verskillende projekte en beurse van die Universiteit Stellenbosch.*

## SOORTE STEUN

Jy bepaal wanneer en hoe jou skenking aan die Universiteit Stellenbosch (US) gebruik behoort te word. Jy kan dit vir huidige projekte bestem, of dit laat belê om 'n blywende nalatenskap vir toekomstige geslagte te voorsien. Skenkings vir lopende gebruik gaan aan die akademiese inisiatief, strategiese oogmerk, navorsingsprogram, fakulteit, studentekoshuis of vereniging van jou keuse.

## SNAPSCAN

Skandeer die QR-kode met jou selfoon om 'n bydrae aan 'n mede-Matie te maak. Donasies wat ons deur SnapScan ontvang, gaan aan ons Maties4Maties-beursfonds. 18A-belastingsertifikate word op aanvraag uitgereik.

## MYSCHOOL

Gebruik jou MySchool-kaart wanneer jy inkopies doen by enige van verskeie deelnemende kleinhandelaars landwyd en 'n persentasie van jou aankope sal aan die US geskenk word.

## AANLYN

Die US het 'n maklik aanlyn-skenkingsplatform wat jy kan gebruik om 'n bydrae te maak. Besoek hierdie webblad: https://web-apps.sun.ac.za/donor-contribution-gift/#/home

SnapScan

Stellenbosch University Alumni

SUAlum

## BELASTINGVOORDELE

Individuele en korporatiewe skenkers van die Universiteit Stellenbosch ontvang belastingvoordele ingevolge Suid Afrikaanse belastingwette. Die Verenigde State en Verenigde Koninkryk bied ook moontlikhede vir belastingvriendelike skenkings aan die Universiteit. Die volle randbedrag van 'n erflating kan boonop afgetrek word om die netto boedelbelasting te verlaag. Kontak Hugo Steyn by +27 (0)21 808 3615 of hugos@sun.ac.za.



# KOM KUIER OPPIE BOS

*In Maart is dit weer tyd vir die Universiteit Stellenbosch se Tuiskoms, waar alumni saamkom om lekker te kuier in die dorp van hul studentejare. Hier is wat voorlê in 2020.*

***Woorde*** ILSE ARENDSE
***Foto's*** NARDUS ENGELBRECHT en HENK OETS



**D**ie Universiteit Stellenbosch (US) se Tuiskoms-en-Familienaweek vir alumni vind vanaf 5 tot 9 Maart 2020 op ons skilderagtige Stellenbosch-kampus plaas.

"Ons sien uit daarna om alumni terug te verwelkom op die kampus en beplan verskeie geleenthede spesiaal vir hulle. Ons het ook 'n wye reeks Woordfees-geleenthede ingesluit as deel van die Tuiskomsnaweek en alumni kry natuurlik spesiale afslag op 'n verskeidenheid van 50 Woordfees-produksies," sê Karen Bruns, Senior Direkteur van die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge.

Kyk gerus waarna jy alles kan uitsien oor Tuiskomsnaweek. Hier is 'n paar geleenthede:

Hoe lei jy 'n onderneming, gemeenskap of span in krisistye? 'n Paar inspirerende leiers is uitgenooi om hul gedagtes oor leierskap in krisistye met die gehoor te deel by die Tuiskoms-leierskapsberaad op Donderdag 5 Maart om 18:00.

Op Vrydag 6 Maart om 18:00 word jy genooi na die Tuiskoms-langtafel-ete onder die eikebome by die onlangs opgeknapte Alumni-klub by Die Stal op Coetzenburg. As jy in 1970, 1980, 1990, 2000 of 2010 'n eerstejaar-Matie was, kry jou vriende hier en kom deel in ons grootste reünie ooit. Verwag 'n heerlike makietie en goeie geselskap!

Vir die fikses en amper-fikses onder ons duur die feestelikhede voort op Saterdag 7 Maart om 08:00 by die Tuiskoms Parkrun. Ons sluit by die organiseerder van die Kayamandi Parkrun aan, so trek jou maroen aan en bring jou gesin saam, die vierbeenfamilie ook. Jy kan die 5 km hardloop, draf of stap.

In 2020 vier die Harmonie Dameskoshuis haar 115-jarige bestaan met 'n spesiale geleentheid op Saterdag 7 Maart. Hierdie oudste universiteitskoshuis in Suid-Afrika verouder beslis met grasie. As jy 'n Harmoniet is, kom vier die waardes van liefde, eenheid en respek, en die noue lewenslange bande wat jy en jou mede-Harmoniete oor die dekades heen daar gevorm het.

Het jy al vir die Kaapstadse Fietsrytoer ingeskryf? Op Sondag 8 Maart kan jy die fietstoer saam met die US Rektor en Visekanselier, prof. Wim de Villiers, sy seun Braam en dogter Gera aanpak ter ondersteuning van die #Move4Food-veldtog. Geniet die afdraande-pret en die Suikerbossie-trap, die fondsinsameling, en die kameraadskap uitgevat in 'n spesiale #Move4Food-fietsryhemp. Kom maak 'n draai



Tuiskomsnaweek is beslis 'n hoogtepunt op die alumni-kalender. Kom ontmoet weer ou universiteitsvriende met wie jy oor die jare kontak verloor het.

by die US se gasvryheidstent ná die fietsrit vir 'n goeie masseersessie, alles vir 'n goeie doel. Inskrywings vir alumni-fondswerwers is reeds te koop. Stuur gerus 'n e-pos aan ontwikkeling@sun.ac.za vir meer inligting.

Op Maandag 9 Maart om 18:00 kan sportliefhebbers uitsien na 'n opwindende rugbywedstryd wanneer die Maties XV en die Ikeys XV mekaar in die Danie Craven-stadion in die Varsitybeker-toernooi pak.

Bespreek jou kaartjie vir die wedstryd betyds deur Webtickets, aangesien die gewilde Varsitybeker-toernooi 'n kragmeting soos geen ander is nie. Jy is ook welkom om die Alumni-klub by Die Stal of die Maties Rugby-klubhuis in die stadion voor en ná die wedstryd te besoek.

As 'n spesiale fondsinsameling vir die Craven Beursfonds bied ons die Rugbykapteinsmiddagete op Maandag 9 Maart om 14:00 aan. Kom luister hoe voormalige Maties- en Ikeys-rugbykapteins en -spelers hul spesiale wedstrydherinneringe deel en geniet middagete onder die eikebome by Coetzenburg se Die Stal.

Ondersteun asb hierdie beursfondsinsamelingsgeleentheid as voorskou tot die wedstryd om 18:00. Kontak dfvandyk@sun.ac.za vir meer inligting.



BO: Was jy op koshuis of deel van studenteleierskap-strukture? Woon dan die middagetes vir Prims en Onderprims by.

ONDER: Verskeie koshuise beplan geleenthede as deel van Tuiskoms 2020. Hou gerus jou e-pos dop vir spesiale uitnodigings.





Sportliefhebbers kan uitsien na 'n opwindende rugbywedstryd wanneer die Maties XV en die Ikeys XV mekaar by die Danie Craven-stadion pak.

## *Meer oor* TUISKOMS 2020

**Registrasie vir die alumni-naweek is noodsaaklik. In die artikel hiernaas het ons slegs 'n paar opwindende geleenthede uitgelig om jou in die regte luim te kry. Besoek gerus www.matiesalumni.com vir meer inligting oor hoe om vir hierdie geleenthede te bespreek. Volg die US op die onderskeie sosialemedia-platforms soos Facebook, Instagram en Twitter, vir die jongste inligting oor al ons aktiwiteite.**



*Daar is heelwat wat 'n deurwinterde joernalis vir 'n klompie joernalistiekstudente kan leer. Maar daar is selfs meer wat 'n dosent van haar studente kan leer, het CARRYN-ANN NEL in Matieland uitgevind.*

Ek het nog altyd 'n begeerte gehad om 'n onderwyser te word. Albei my ouers was onderwysers, maar hulle het my afgeraai om in hulle voetspore te volg. "Daar is nie geld in die onderwys nie," was hulle wyse woorde. En toe gaan doen ek 'n dom ding en swot die beroep wat selfs nóg minder geld maak: joernalistiek!

Maar nou ja, as 'n mens die "wêreld wil verander" en jou platform wil gebruik om ons demokrasie te versterk, maak geld seker nie saak nie, en jy drink maar goedkoop wyn om jouself te troos. As jy jou kom kry, is dit vyftien jaar later en jy is steeds 'n joernalis.

Maar dan kry jy die geleentheid om tóg voor 'n klas te staan. Media24, jou werkplek sedert jou internskapdae, bied jou die geleentheid om vir 'n jaar te gaan klasgee, en dit nogals vir 'n honneursklas in joernalistiek op Stellenbosch.

Daardie eerste dag was beide 'n droom wat waar geword het en 'n groot vrees om voor 'n groep studente in hul twintigs te staan. Dis soos om voor 'n *blind date* te sit, waar jy elke laaste deel van jou menswees bevraagteken. Het ek die regte klere aan? Sit daar iets tussen my tande? Het ek nie te veel parfuum gespuit nie?

My jaar hier in Matieland het my baie oor dosent-wees geleer. Wanneer jy voor 'n klas staan, is daar baie vrese en bekommernisse wat 'n mens oorval waarop niemand jou attent gemaak het nie. Jy moet studente se aandag aanhoudend probeer hou en op hoogte bly van jou onderwerp vir die dag. Jy moet kennis met hulle deel, hulle mentor, hulle lei waar nodig is, en soms moet jy die fietsie stoot en hulle op hul eie laat ry. Jy moet hulle uitdaag en inspireer, én jy moet 'n platform skep waar hulle hul eie menings kan lug. Jy moet hulle ook 'n wrede weeklikse toets laat skryf; die deel wat jou soveel plesier gee om saam te stel. (Ek *joke* nie.)

Die heel lekkerste gevoel vir my is egter

# LESSE UIT DIE KLASKAMER

wanneer iemand in my kantoor instap met 'n probleem of 'n kwelling, want julle, ek is mál daaroor dat iemand my vir iets nodig kry. Ek hou daarvan om ge-*need* te wees.

Ek het maar versigtig rondgeloop op kampus. 'n Groot vrees was om een van my studente raak te kuier, so toe vermy ek studente-kuierplekke soos Bohemia en Mystic Boer. Maar een aand kuier ek en 'n pel, en hy, 'n oud-Matie, laat hoor dat ek nie 'n volwaardige Stellenbosser genoem kan word tensy ek nie darem een aand my voete in Bohemia gesit het nie.

Daar bevind ek myself in Bohemia in 'n donker hoekie met 'n boksie wyn – die beste R30 wat ek al ooit gespandeer het – en toe ek nóg 'n boksie koop om huis toe te neem en onder my baadjie probeer wegsteek ('n mens mag glo nie die perseel met wyn verlaat nie), word ek op heterdaad deur die *bouncer* betrap.

Ek weet ook ek staan uit soos 'n seer oog en is waarskynlik die oudste persoon daardie aand daar, so ek los toe maar my boksie wyn agter. Ek gaan nou nie 'n *scene* maak oor 'n R30 nie.

Maar my grootste les vanjaar was eintlik wat ek by my studente kon leer, al besef hulle dit nie. Opvoeding is 'n *two-way street*, en dit was dikwels die dinge wat hulle my kon leer wat my sal bybly, soos:

• Hulle kan enigiets word wat hulle wil, en hulle weet dit. Hulle is nie bang nie. Hulle wêreld is wyd en hoewel hulle foute maak en hul koppe stamp, staan niks in hulle pad om iets buite hulle *comfort zone* te probeer nie. Hulle dink wyd en nie so rigied soos ons ouer mense nie.

• Daar is nie 'n *one-size-fits-all* nie. Ek het by hulle geleer dat elke liewe student met 'n ander foto-album in die klas instap en dat ons nooit slegs een manier van klasgee en verhoudings kan ophou met almal nie. Een student is dalk gemakliker dat ons eers oor die week se joga praat voordat ons werk praat, en 'n ander een verkies om vinnig by die punt uit te kom. Nog nooit was ek aan soveel persoonlikhede blootgestel en moes ek myself leer om by elkeen 'n middelpunt te vang nie.

• Dis soms okei om nie altyd alles te weet nie, of om voor te hou dat jy alles weet nie. En dis baie beter om ook jou denkproses daaroor te verbreed eerder as om een narratief te hê. "Kan joernaliste aktiviste wees?", vra 'n student eendag in die klas. "Hmmm, wie weet, ja en nee, maar kom ons praat daaroor," was my antwoord. Jy besef meer en meer hoe groot jou rol in hulle lewe is en dat dit niemand gaan baat om aan te voer dat jy alles weet nie.

• Dit is ook okei om soms foute te maak. 'n Groot en waardevolle les wat ek as dosent geleer het, was om konstruktiewe en waardevolle terugvoering te gee. Ek moes leer om dit te doen, en sou dit nooit op enige ander plek in my lewe waarskynlik kon doen nie.

•En dan: om plakkies op 'n reënerige dag te dra is heeltemal okei.

Daar was baie ander dinge wat hulle en ander Maties op kampus my touwys gemaak het, maar dit was daardie geskenk aan myself wat my altyd sal bybly: om uit jou *comfort zone* te klim en 'n hele ander rigting in te slaan.

Waar ek aanvanklik gedink het dat ek die bastion van kennis en kwaai sou wees en lawaai maak voor 'n klas, het ek eintlik meer geleer. Ek kon leer hoe om in 'n vreemde omgewing, werkplek en blyplek aan te pas. Niks – nie ouderdom of gryshare nie – gaan jou minder ontvanklik maak om steeds te leer nie.

En al stap ek binnekort hier weg, vat ek dít saam met my. Maar voor dan, gaan ek eers terug Bohemia toe om te kyk of ek met die boksie wyn kan uitglip.

**•Carryn-Ann Nel is 'n joernalis wat vanjaar die Rykie van Reenen-genoot was wat aan die Departement Joernalistiek doseer het.**

# IN MEMORIAM

*Die Universiteit het met leedwese verneem van hierdie alumni wat afgesterf het. Matieland huldig graag oudstudente en kollegas wat oorlede is.*

**Mev. JM (Julia) Albers (gebore Du Plessis) (98)** van Stellenbosch. BA Maatskaplike Werk (1941). Oudinwoner van Huis De Villiers. Sy het gewerk by die Universiteit Stellenbosch se Administrasie-kantoor van 1958 tot 1984.

**Mnr. H (Hubrecht) Czanik (76)** van Wellington. BSc-BIng (1965). Lid van die sewende SA Nasionale Antarktiese Ekspedisie (SANAE 7) in 1966. Voormalige stadsingenieur van Tzaneen, later verbonde aan Sasol Behuising op Secunda.

**Mnr. J (Johan) Czanik (82)** van Centurion. BSc-BIng (1963). Gedurende die sewentigerjare verbonde aan die Instituut vir Verdedigingsnavorsing van die WNNR, en later by Kentron.

**Mnr. BJ (Bernard) de Souza (89)** van Hillcrest. BSc Bosbou (1952). Stigter van die Makhonjwa Bewaringstigting, waarvan hy 30 jaar lank voorsitter was. Voorsitter van die Laeveld Botaniese Vereniging en Direkteur van KaNgwane-parkeraad.

**Prof. WJ (Willy) Hosten (86)** van Gauteng. BA (1952), LLB (1954). Hy was vir baie jare dekaan van die regsfakulteit aan Unisa in Pretoria. Mede-outeur van *Introduction to South African Law and Legal Theory*, wat ook in Afrikaans vertaal is.



**Mev. CE (Cecilia) Liebenberg (74)** van Luckhoff, Bettysbaai. LSOD (1962–1964), DOSK (1965). Oudinwoner van Lydia. Sy het gewerk by Batavia Skool, Claremont, en met tye by Winterhoek en Steinthal Skool, Tulbagh. Sedert haar aftrede in 1996 het sy onder meer by Oupa se Boeke in Kleinmond gewerk oor die laaste tien jaar, en het gewoon in DeWetsbaai, Bettysbaai.

**Mnr. JW (Johan) Loubser (80)** van Kleinmond. BSc Landbou (1961), BScHons Akkerbou (1975), MSc Landbou (1980). Oudinwoner van Dagbreek, Simonsberg en Aurora. Hy het aanvanklik as landbouvoorligtingsbeampte gewerk. Vanaf 1976 het hy landbouwetenskaplike navorsing by Elsenburg se navorsingseenheid gedoen. Hy het op Kleinmond afgetree.

**Dr. DR (David) Naron (44)** van Jos, Nigerië. PhD (Proses-ingenieurwese) (2019). Dosent aan die Universiteit van Jos in Nigerië.



**Mev. R (Rena) Schüler (gebore Botha) (96)** van Outeniqua. BA (1944), MA (1952). Oudinwoner van Harmonie.

**Dr. AHW (Armin) Seydack (68).** BSc (1977), BScHons (1980), MSc (1984), PhD (1990). Oudlid van Tygerberg PSO en Equite.

**Dr. E (Edgar) Swart (86)** van Kaapstad. MMed (1966), DMed (1988). Oudlid van Tygerberg PSO.



**Mnr. H (Henri) Wirth (77)** van Stellenbosch. Hy was 45 jaar lank in diens van die Universiteit Stellenbosch as kuns- en boekrestourateur. Het van Suid-Afrika se belangrikste kultuurerfenisse vir die nageslag bewaar, waaronder kunswerke van Pierneef, Thomas Baines, Hugo Naudé en Maggie Laubser wat deur hom gered is en tans deel is van die US se kunsversameling. Hy is in Fulda in Oos-Duitsland gebore en het in 1964 na Suid-Afrika geëmigreer.

## KONTAK

**Stuur inligting oor sterftes van alumni van die Universiteit Stellenbosch per e-pos na alumni@sun.ac.za of matieland@sun.ac.za, of skakel +27 (0)21 808 2709/10.**

Anna Basson
EIENDOMME • PROPERTIES
STELLENBOSCH

## Vind die perfekte Stellenbosch-eiendom



**Stellenbosch Sentraal**
**R 2 999 000** Web: 9526
2 Slaapkamers | 2 Badkamers | 1 Motorhuis
Ruim woonstel met 'n studeer kamer wat omskep kan word na 'n derde slaapkamer. Baie natuurlike lig.



**Capolavoro Berglandgoed**
**R 5 250 000** Web: 9450
3 Slaapkamers | 3 Badkamers
Luuks en elegante huis in 'n Sekuriteits Landgoed. Pragtige oopplan ontwerp en rolstoel vriendelik.



**Kampusverblyf**
**Van R 1 550 000** Web: 9278
Eenvertrekwoonstel | 1 Badkamer | 1 Parkering
Moderne, semi-gemeubuleerde studios. Volledig gediens, 24-uur sekuriteitskompleks in aangelegde tuine.



**Die Zalze Wynland en Gholflandgoed**
**R 7 500 000** Web: 9382
4 Slaapkamers | 2 Badkamers | 2 Motorhuise
Stap-afstand vanaf die klubhuis. Ideale huis om familie en vriende te onthaal met ruim leef areas.



**Mostertsdrift**
**R 10 500 000** Web: 9487
4 Slaapkamers | 3 Badkamers | 2 Motorhuise
Uitstekend geleë met moderne afwerkings. Ontwerp deur Argitek Prof. Bannie Britz. Ruim erf.

Met meer as 47 jaar se ervaring in die verkoop en huur van eiendom, kan ons help om jou droomplek te vind.

## Kontak ons

**+27 21 887 4740**
**info@annabasson.co.za**
**www.annabasson.co.za**

LEEF STELLENBOSCH LIVE STELLENBOSCH




# Studio, 1, 2 of 3 Slaapkamer Woonstelle



Perfek geleë, is The Niche 'n nuwe woonstelblok wat uit 51 eenhede bestaan. Dit is binne loopafstand van die Stellenbosch Universiteit se kampus. Modern in ontwerp, bied hierdie ontwikkeling eietydse leefruimtes naby al die hooffakulteite en geriewe.

**The Niche bied slim beleggingsgeleenthede vir beide beleggers en ouers van studente.**

## Prys van *R1.5 miljoen*

*(BTW ing)*

Maryke Geldenhuys **076 276 6445** maryke.geldenhuys@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za/the-niche

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS
Best Real Estate Agency
Best Real Estate Marketing
Best Real Estate Website

An International Associate of Savills
savills